
# Vrye Weekblad

**Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika**

10 Maart 1989 Tel: (011) 836-7236 Prys R1,20 (R1,07 + 13c AVB)


## Nóú dagvaar PW vir 'laster'



Max du Preez

STAATSPRESIDENT PW Botha gaan Vrye Weekblad nou beslis vir beweerde laster dagvaar, het sy regsverteenwoordigers gister gesê.

Botha het in Desember verlede jaar 'n onvoorwaardelike apologie en skadevergoeding van R100 000 van Vrye Weekblad geëis ná 'n berig oor getuienis voor die Harms-kommissie dat Botha saam met die Mafia-baas Vito Palazzolo geëet het.

Die redaksie van Vrye Weekblad het die president laat weet dat hulle geen apologie sal plaas of enige geld sal betaal nie, en dat hulle gereed is om die saak in die hof te verdedig.

Vier maande lank het Vrye Weekblad niks weer van Botha se prokureurs gehoor nie. Gister het Vrye Weekblad se regsverteenwoordigers gesê Botha se prokureurs het hulle ingelig dat advokate nou opdrag gegee is en dat 'n dagvaarding voorberei word.

Dit is die eerste keer dat Botha iemand vir laster dagvaar, en die eerste keer dat die Staatspresident van Suid-Afrika 'n koerant vir laster dagvaar.

Botha se prokureurs, De Klerk en Van Gend van Kaapstad, het in 'n brief aan die redakteur van Vrye Weekblad geskryf dat die berig "per se lasterlik" was en dat dit as motief gehad het "om die amp van die Staatspresident aan te tas asook die Staatspresident se karakter in sy persoonlike hoedanigheid te kwets".

Voorverlede week het Botha in die parlement in sy geskrewe antwoord op 'n vraag van die KP-LP Clive Derby-Lewis laat blyk dat hy dalk vir Palazollo kon ontmoet het, maar nie daarvan geweet het nie.

Sy antwoord lui: "Uit die aard van my amp groet mense my in die verbygaan en word mense in die normale loop van omstandighede aan my voorgestel.

"Dit is dus moontlik dat informele kontak wel plaasgevind het. Ek is egter nie bewus van so 'n ontmoeting nie."

# Skokverslag oor doodstraf

Jacques Pauw

**DIE volle verhaal van die verkriklike wreedheid, onmenslikheid en onregverdigheid van die doodstraf in Suid-Afrika het nou vir die eerste keer in 'n navorsingsverslag ontvou.**

Dit vertel van hofsake waar die howe binne 'n paar uur 'n beskuldigde verhoor, skuldig bevind en ter dood veroordeel, van veroordeeldes wat nooit 'n behoorlike verdediging gehad het nie, en van rasse-vooroordeel wat steeds hoogty vier in ons howe.

Dit skets die verhaal van wat werklik in ons dodeselle aangaan - van die laaste maaltyd wat bestaan uit 'n ontbeende hoender en R4 vir snoeperye tot die oomblik waar die beskuldigdes onseremonieel begrawe word. Dit het al gebeur dat 'n kruiptrekker die genommerde grafte toestoot.

Die verslag, Inside South Africa's Death Factory, word vandag (Vrydag) landwyd deur die Black Sash vrygestel. Die verslag bestaan uit 'n ontleding van onderhoude met familie en vriende van 26 mense van alle rasse wat tans in die dodeselle sit, en die ontleding van 40 hofrekords waar die doodstraf opgelê is.

Volgens die verslag is daar verlede jaar 117 mense in Suid-Afrika gehang - 76 swartmense, 38 bruinmense en drie blankes. Sedert 1980 is 1070 mense in die Sentrale Gevangenis in Pretoria gehang. Tot sewe mense kan gelyktydig daar gehang word.

Van die belangrikste bevindings van die verslag is:


* Die oorgrote meerderheid van die veroordeeldes kom uit haglike sosio-ekonomiese omstandighede. Byna 90 persent van die steekproef kom uit huise waar tot tien mense gewoon het, 58 persent is deur 'n enkelouer grootgemaak en 65 persent het 'n akademiese kwalifikasie van standerd sewe of laer. Tog aanvaar ons howe nie hierdie faktore as versagtende omstandighede nie.

* In agt persent van die gevalle het dit die howe 'n enkele dag geneem om die hele saak af te handel en die doodstraf op te lê. Tien persent is veroordeel op grond van getuienis van net een getuie.

* Vyftig persent van die steekproef is veroordeel op grond van die "common purpose"-beginsel, wat tans in talle regskringe skerp gekritiseer word.

* 'n Derde van die veroordeeldes was aangewese op Pro Deo-verdediging. Die verslag wys uit dat sake waar daar Pro Deo-verdediging is, baie korter duur, minder getuies

*Na bladsy 2*



Drs Johan Heyns, Beyers Naude en Allan Boesak op die NG-beraad

## NG-skeuring afgeweer

Elsabé Wessels

'N DRAMATIESE skeuring in die NG Kerk-familie is gister ter elfder ure afgeweer toe die wit NG Kerk, die grootste wit kerk in Suid-Afrika, sy sterkste oordeel nóg oor apartheid uitgespreek het.

Daarmee het die swart kerke van die NG Kerk-familie 'n belangrike oorwinning oor die wit moederkerk behaal wat verrykende gevolge vir die kerke kan inhou.

Die praktiese omvang van die wit kerk se belydenis van die sonde van apartheid is egter nog onseker.

Alhoewel die NGK-afvaardiging sover gegaan het om hul kommer oor die noodtoestand uit te spreek en hul bereid verklaar het om die regering te versoek om dit so gou moontlik op te hef, was hul standpunt onduidelik oor 'n belangrike mosie van die susterkerke wat emstige politieke kwessies aanspreek.

Dié mosie is deur dr Allan Boesak ingedien en deur die swart kerke aanvaar, terwyl die NGK onderneem het om dit aan die res van dié kerk bekend te maak.

Die mosie versoek die regering om aanhouding sonder verhoor te beëindig, die noodtoestand op te hef,

*Na bladsy 2*

**Die immigrante van Sommer Suidwes — 7**

# Na vele ommeswaaie verwerp NGK apartheid

*Van bladsy 1*

alle politieke gevangenes vry te laat, beperkings op anti-apartheidsorganisasies op te hef, en onderhandelinge met die outentieke leiers van die land te begin.

In die mosie het die swart kerke hulle ook tot die strukturele eenheid van die NGK-familie verbind - 'n posisie wat die NGK tot nou toe verwerp het.

Gisteroggend se dramatiese wending was die hoogtepunt van 'n emosiebelaaide week waarin die NGK verskeie ommeswaaie gemaak het toe hulle eers apartheid as sonde bely het, en toe geweier het om hul teenstand teen apartheid in 'n verklaring te verwoord ên voet by stuk gehou het dat slegs "diskriminerende apartheid" sonde is.

In die spanningsvolle gebeure wat aan die oewer van die Vaalrivier in Vereeniging afgespeel het, het dit tot gisteroggend geblyk dat die wit kerk sy rug gaan keer op die sterk pleidooie vir sosiale geregtigheid in Suid-Afrika wat deur die susterskerke aan die NGK gerig is.

In sy weiering om apartheid in die openbaar te verwerp, het die NGK egter met die sterkste verenigde opposisie ooit vanuit die susterkerke te doen gekry. Al die swart NG-kerke het in 'n blok teen die moederkerk opgestaan.

Maar beraadslagings waarin dr Beyers Naude, 'n lid van die afvaardiging van die NG Kerk in Afrika, 'n aandeel gehad het, het die sesmanafvaardiging van die NGK tot ander insigte gebring.

In 'n hernude versoeningspoging het dr Johan Heyns van die NGK homself verbind tot die NGK-afvaardiging se aanvanklike verwerping van apartheid en bevestig dat die kerk wel sy skuld bely oor sy rol in die daarstelling, handhawing en regverdiging van apartheid. Hy het ook gesê dat hulle daarvoor vergifnis vra, en erken dat die kerk uit vrees nie altyd hard genoeg daarteen gestry het nie.

Met dié ommekeer het die NGK homself van 'n pad van isolasie gered. Weens druk van die swart kerke moes die NGK probeer om hom van die Nasionale Party los te maak.

Heyns het daarop gewys dat Boesak se mosie - die NGK-afvaardiging het geweier om dit te bespreek - hom tot ander insigte gebring het en bekend gestel het aan die twee wêrelde wat apartheid in Suid-Afrika geskep het.

"Die tragedie van apartheid lê in die feit dat dit 'n wit wêreld en 'n swart wêreld geskep het. Die twee wêrelde van wit en swart wat ons hier op die beraad ervaar is te wyte aan die sukses van apartheid," het hy gesê.

Die skeiding in die Suid-Afrikaanse gemeenskap en die rol wat dit in die NGK-familie speel is ook in 'n studiestuk van die NGK in Afrika ter tafel gelê. Die stuk het in besonderhede verwys na die rol van die wit onderdrukker en swart verdruktes in Suid-Afrika. Dit is binne dié konteks dat 'n hernude versoeningspoging tussen die NGK en die swart kerke gister plaasgevind het.

# Skokverslag oor doodstraf

*Van bladsy 1*

ingeroep word en die gehalte van advokate redelik laag is:

* Byna 40 persent van die veroordeeldes in die steekproef is al langer as 'n jaar in die dodeselle, terwyl 15 persent al vir tussen twee en drie jaar daar sit.

* Rasse-vooroordeel kom steeds in ons howe voor. Hoewel daar in die laaste jare voorbeelde is van blanke mans wat ter dood veroordeel is vir die moord en verkragting van swart vrouens, is daar nog geen geval van 'n blanke wat moes hang vir die verkragting van 'n swart vrou nie. (Witmans moes al hang vir die verkragting én moord van swartvroue.)

Daarteenoor is meer as 90 swartmans al gehang weens verkragting van 'n blanke vrou.

Dramatiese verhale oor die lewe in die dodeselle, die ure voor teregstelling en die veroordeelde se uiteindelike ontmoeting met die dodesel word in die verslag vertel.

Mense wat 'n tyd in die dodeselle deurgebring het en waarmee onderhoude gevoer is, vertel van 'n plek waar die ligte dag en nag brand, van die "pot" waarheen veroordeeldes gaan 'n week voor hulle gehang word en van bewaarders wat 'n paar dae voor hangdag die slagoffers kom meet om seker te maak dat daar nie 'n fout met die galgtou kan insluip nie.

Aangesien dit onwaarskynlik is dat die doodstraf binnekort in Suid-Afrika afgeskaf sal word en dit volgens die huidige stelsel moontlik is vir 'n onskuldige persoon om ter dood veroordeel te word, maak die verslag die volgende aanbevelings:

* Daar moet outomatiese reg tot appèl wees. Die verhoorhof weier appèl in 55 persent van alle gevalle. Daar is nie genoeg veiligheidsmaatreëls in die stelsel ingebou om te verseker dat 'n fout nie gemaak kan word nie.

* Die Regering moet die name van daardie veroordeeldes wat gaan hang, minstens 'n week voor die tyd bekend maak om naasbestaandes en regsverteenwoordigers die geleentheid te gee om alles moontlik te doen vir begenadiging.

* Die Pro Deo-stelsel moet geskrap en vervang word met 'n stelsel waar die advokaat vir die verdediging 'n prokureur het om hom by te staan. Fondse moet beskikbaar gestel word vir 'n behoorlike ondersoek.

Baie is egter al gedoen om bostaande leemtes en gebreke te verbeter. So byvoorbeeld het die organisasie Regslui vir Menseregte nou 'n stelsel waarvolgens hulle kan vasstel watter veroordeeldes volgende gaan hang.

Brian Currin, nasionale direkteur van dié organisasie, sê van die 55 mense wat tussen September en Desaember verlede jaar moes hang, is tien se hangdatum uitgestel ná aansoeke deur Regslui vir Menseregte.

Die organisasie Nikro het ook nou begin met 'n stelsel waarvolgens van sy kriminoloë Pro Deo-advokate bystaan in hul verdediging. Hulle het tot dusver in twaalf sake bystand verleen en in nie een geval is die doodstraf opgelê nie.

* Familielede van veroordeeldes is in die verslag ondervra oor hul houding oor die Wit Wolf Barend Strydom wat verlede jaar agt swartmense in Pretoria doodgeskiet het.

Anders as die algemene gevoel onder die publiek, was nie een ten gunste daarvan dat hy moet hang as hy skuldig bevind word nie.

# Sash beswaard oor swart behuising

**Trudi du Toit**

AANHOUDING sonder verhoor en swart behuising het skerp onder die soeklik gekom by die Black Sash se nasionale kongres verlede week in Durban.

Mary Burton, die nasionale voorsitter van die Black Sash, het gesê dat wanneer daar gekyk word na die hoë koste van konflik - ten opsigte van sowel stabiliteit as die mense wat aangehou, beseer en doodgemaak word, die versoeking groot is om die versuikerde pil van hervorming te sluk.

Burton het onder staande toejuiging gepleit vir "vryheid gegrond op 'n verantwoordelikheid teenoor ons samelewing en sy toekoms en op die erkenning van menseregte".

"Ons kan nie bekostig om hervorming én die onderdrukkingspakket te koop nie."

## NASIONALE DAG VIR AANGEHOUDENES

## 12 Maart 1989

## KERKE IN SOLIDARITEIT MET AANGEHOUDENES

**Oor die afgelope weke het aangehoudenes dwarsoor die land die opoffering van 'n eetstaking deurgemaak om die wêreld se aandag op hul lot te vestig. Dié optrede is nie net 'n veroordeling van die bose stelsel wat tot aanhouding lei nie, maar ook 'n veroordeling van dié van ons wat aangegaan het met ons lewens asof niks gebeur het nie.**

**BEWYS JOU SOLIDARITEIT MET AANGEHOUDENES EN HUL GESINNE:**

1. Fokus of organiseer eredienste rondom die lot van aangehoudenes op Sondag 12 Maart.
2. Steek kerse op in jou huis tussen 19h00 en 20h00 op 12 Maart.
3. Lui kerkklokke vyf minute lank om 06h30 en 18h30 op 12 Maart.
4. Dink by name aan aangehoudenes in jou omgewing in jou gebede in die plaaslike kerk.
5. Neem deel aan waak- en vastydperke wat in solidariteit met die aangehoudenes gehou word.

## EREDIENSTE OP SONDAG 12 MAART 1989

**JOHANNESBURG:** Regina Mundi, Soweto 14h00 Eerw Lionel Louw; Biskop Buchanan; Biskop Xulu; Biskop Mvemve

**PRETORIA:** St Alban's-katedraal, Schoemanstr 14h00 Eerw Frank Chikane; Biskop Daniels

**VAAL:** Rooms-Katolieke Kerk, Sharpeville 14h00 Sr Bernard Ngcube; Eerw Mtimkulu

**RIVERLEA:** Riverlea Metodistekerk 14h00 Dr Beyers Naudé; Eerw D Matthews

**BLOEMFONTEIN:** St Thomas Metodistekerk, Rocklands 14h00 Eerw T Senokoene

**PORT ELIZABETH:** Apostoliese Kerk, New Brighton 14h00 Biskop George Irvine

**OOS-LONDEN:** NG Sendingkerk, Jakarandastr, Parkside 15h00

**GRAHAMSTAD:** St Matthews-kerk, Raglanstr 11h00 Eerw Lunga Ka Siboto

**DURBAN:** St Aidan's Anglikaanse Kerk, Centenary-laan 14h00 Biskop Mogoba; Dr Norman Hudson

**PIETERMARITZBURG:** Trinity Hall, Metro Metodistekerk, h/v Longmarketstr en Chapelstr, 15h00 Eerw Francois Bill; Eerw C Ngcokovane; Dr L Jafta; Aartsbiskop Hurley

**KAAPSTAD:** St Mary's-katedraal, 15h00 Aartsbiskop Naidoo

NG Sendingkerk, Tweede Laan, Grassy Park 15h00 Dr Allan Boesak

**SALDANHA:** Burgersentrum, Diazville 14h00

DIENSTE SAL OOK GEHOU WORD OP NELSPRUIT EN DIE OOS-RAND

**Geplaas deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die Suid-Afrikaanse Katolieke Biskoppe-Konferensie**

## Dié week in die nuus

**Teenstand teen** pres PW Botha se terugkeer na die amp van regeringshoof word al hoe duideliker in NP-geledere en Nasionalistiese koerante vra hom openlik om uit te tree.

**Dirk Meiring,** waarnemende direkteur-generaal van die Departement van Onderwys en Opleiding, en Braam Fourie, voormalige direkteur-generaal van die DOO, word deur die Van den Heever-kommissie gekritiseer oor hul rolle in die Learn Tech-rekenaarskandaal.

**Die seksdriehoek-manewales** van Ralph Krebs, sy vrou Maria wat van moord op hom aangekla word, en 'n gesellin, "Pat" du Preez, sorg vir opspraak in die Randse Hooggeregshof.

**Militêre helikopters** is vir jagtogte gebruik en 'n Weermagvliegtuig is gebruik vir 'n "interessante besoek" deur drie Parlementslede en vier lede van die Presidentsraad, word in die Parlement beweer.

**Die redakteur** van die Sunday Star, John Hildyard, een van sy verslaggewers, Kitt Katzin, en 'n verslaggewer van die Cape Times, Mandy Woods, word gedagvaar om voor die Harms-kommissie te getuig oor berigte dat direkteure van Jalc Holdings vir die Nasionale Intelligensiediens werk gedoen het.

**Plaaslike telefoonoproepe** wat langer as drie minute duur en posgeld sal van 1 April af duurder kos.

**'n Soldaat** van die SWA Gebiedsmag se 202 Bataljon wond ses skoolkinders op Rundu.

**'n Staking** van werkers wat aan die Chemical Workers Industrial Union (CWIU) behoort, word beëindig by Mobil en BP se Sapref-olieraffinadery in Durban.

**Luit-genl Prem** Chand, bevelvoerder van Untag, voer samesprekings met genl Willie Meyer, bevelvoerder van die SWA Gebiedsmag.

**"Wit Wolwe"** wat na bewering 'n inwoner van Alexandra uit sy motor gedwing en geslaan het, word aangekla van aanranding.

**Swaargewig-bokser Pierre** Coetzer verskyn in die hof op drie klagte van aanranding.

**Aangehoudenes** by Modderbee-gevangenis aan die Oos-Rand sit hul eetstaking voort.

**'n Swanger** vrou en haar twee jaar oue seuntjie oorleef 13 dae in die Kalahari-woestyn sonder kos en water nadat hul vierwielaangedrewe voertuig onklaar geraak het.

**Musikante** van reg oor die wêreld stuur ondersteuningsboodskappe aan die Suid-Afrikaanse kunstenaars wat aan Saterdag se "Human Rainbow"-konsert op Ellispark, wat verbied is, sou bywoon.

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Koos Coetzee. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# Nóg bewerings oor Brixton se Moord-en-Roof

Jacques Pauw

VERDERE getuienis oor marteling by die berugte Brixtonse Moord-en-Roofafdeling het nou in die Johannesburgse Hooggeregshof na vore gekom. Nóg 'n beskuldigde het vertel hoe polisiemanne hom "getube" het en elektriese drade aan sy privaatdele vasgeheg het.

Intussen het Jan van Eck, onafhanklike Parlementslid vir Claremont, vir 'n onmiddellike kommissie van ondersoek gevra om alle aspekte van beweerde polisie-marteling te ondersoek. Hy beskou die omvang van die marteling as "skrikwekkend en verreikend".

Na verwagting sal die Parlement vandag (Vrydag) 'n debat voer om die omvang van marteling van beskuldigdes en aangehoudenes te bespreek.

Dit is veral die Brixtonse Moord-en-Roofafdeling wat onder skoot is nadat 'n Johannesburgse landdros verlede week gesê het dat beskuldigde na beskuldigde die afgelope agt jaar vertel van marteling wat onder meer elektriese skokke insluit.

"Elke beskuldigde die afgelope agt jaar vertel die hof van 'n nat sak wat oor sy kop getrek word en 'n staalstoel waarop hy sit. Almal beskryf dat hulle arms en bene vasgemaak word en dat elektriese skokke uit iets soos 'n ou telefoon-generator toegedien word.

"Nou waarom sal almal dieselfde vorm van beïnvloeding aan die hof voorhou?" het landdros SW Visagie gesê nadat hy beslis het dat verklarings van beskuldigdes in 'n hofsaak wat by Brixton aangehou is, nie as getuienis toelaatbaar is nie. Die beskuldigdes is vrygespreek.

Brixton was in die verlede al telkens die skyf van aantygings van marteling. In talle hofsake is die marteling al in die fynste besonderhede beskryf.

Regters was al verbaas oor hoe vinnig beskuldigdes verklarings aflê waarin hul skuld erken nadat hul besoek by Brixton afgelê het.

Een van die probleme wat telkens ondervind word, is dat die verklarings voor polisie-offisiere en nie landdroste afgelê word nie. Van Eck sê daar is te veel polisiemanne wat hulself as aanklaer, regter en laksman sien.

In die jongste saak, 'n borgaansoek in die Johannesburgse Hooggeregshof, het Aäron Khuzwayo, 39, vertel hoe hy in November verlede jaar in 'n kantoortjie van Brixton gemartel is. Hy ontken skuld op 'n klag van roof waarvolgens hy na bewering meer as R500 000 geroof het.

Khuzwayo is kort na die rooftog deur speurders van Brixton in hegtenis geneem en het op 22 November 'n verklaring aan ene majoor Oelofse gemaak. Hy beweer dat hy voorgesê is wat om in sy verklaring te sê.

"Hulle het my geslaan. Daar is 'n leë kantoor in Brixton. Hulle het my in die kantoor gevat en die binneband van 'n motorband om my kop gesit. Hulle het my getube.

"Hulle het vir my laat uittrek, my op die stoel laat sit, my vasgemaak, 'n sak om my nek en om my kop gesit en my toe getube. Hulle het my met elektriese krag geskok ook, maar ek kan nie sê hoe hulle dit gedoen het nie, want ek kon hulle nie sien nie.

"Hulle het vir my op my privaatdeel geskok. En ook op verskillende dele van my lyf. Hulle het my met water gegooi sodat dit erger kan wees. Hulle het my gewurg ook. Hulle het my hande geboei.

"Hulle het die boeie te styf vasgemaak en die stadium toe die elektriese skok my so geruk het, het ek merke opgedoen," het Khuzwayo getuig. Die beskrywing van sy marteling stem ooreen met die getuienis van vorige beskuldigdes.

In Januarie vanjaar het regter Irving Steyn ook 'n verklaring wat 'n verdagte in 'n moordsaak gemaak het, as ontoelaatbaar verklaar. Steyn het Brixton versoek om in die toekoms nie verklarings voor polisie-offisiere te laat aflê nie.

In die betrokke geval het die beskuldigde, Stephanus Buys, volgens Irving "uit die bloute", nadat hy deur Brixton ondervra is, besluit om 'n verklaring af te lê waarin hy skuld erken. Enigiemand met bietjie gesonde verstand moet weet dat iets skort, het die regter bevind.

Twee maande tevore het 'n beskuldigde voor regter PJ van der Walt getuig hoe hy in Brixton aan 'n stoel vasgemaak is, 'n swart sak oor sy kop getrek is, en iets aan sy privaatdele vasgemaak is waarna hy herhaaldelik geskok is.

Die regter het gesê dit is nie die eerste keer dat marteling van Brixton onder sy aandag gekom het nie. Hy het die prokureur-generaal gevra om ondersoek in te stel en 'n verslag oor sy bevindinge uit te bring.

Van Eck sê Suid-Afrika is nou in 'n kritieke stadium waar marteling daagliks plaasvind.

Hy sê daar word net klem gelê op marteling in sogenaamde politieke sake terwyl marteling in gewone kriminele sake verwaarloos word.

"Die polisie het ingevolge die noodmaatreëls byna onbeperkte magte gekry en maak misbruik daarvan. Dis hoekom marteling nou byna daagliks voorkom," sê Van Eck.



Elijah Barayi, president van Cosatu (heel links), op die vakbondberaad

*Foto: Gavin Sinclair*

# Werkers wil eie arbeidswet opstel

Anton Steenkamp

WERKERS het verlede naweek besluit om hul eie Wet op Arbeidsverhoudinge te formuleer wat ook plaaswerkers, huiswerkers en werkers in die openbare sektor insluit.

Dié besluit is geneem toe werkers van vakbonde uit verskillende politieke kampe byeengekom het om saam standpunt in te neem teen die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge en om gemeenskaplike probleme aan te spreek.

'n Werkerskomitee, saamgestel uit die geledere van vakbonde wat geaffilieer is by die Congress of South African Trade Unions (Cosatu) en die National Council of Trade Unions (Nactu), sowel as onafhanklike vakbonde, het 'n beraad by die Universiteit van die Witwatersrand bygewoon.

Hulle sal 'n beroep op alle werkers doen om aan so 'n "alternatiewe wet" te werk.

Hulle sal ook probeer om nie die Nywerheidshof te gebruik nie en om die Wet op Arbeidsverhoudinge se erkenningsooreenkomste te omseil.

"Ons word saamgebind in die naam van werkerseenheid in ons gesamentlike stryd teen die magte van uitbuiting en rassisme," het Elijah Barayi, president van Cosatu, in sy openingstoespraak gesê.

Werkers uit die geledere van 43 vakbonde het die beraad bygewoon. Nactu het geweier om as 'n organisasie aan die beraad deel te neem, maar elf van sy lidvakbonde het dit wel bygewoon.

Nactu skaar hulself by die swart bewussynsbeweging terwyl Cosatu die Freedom Charter onderskryf.

Die vise-president van Cosatu, Chris Dlamini, het vandeesweek gesê die werkers se eise, onder meer die reg om te staak, erkenning van meerderheidsvakbonde, 'n verbod op afdankings sonder 'n verhoor en die reg tot simpatiestakings, sal teen 2 Mei aan werkgewers voorgelê word.

As die werkgewers nie binne 30 dae daarop reageer nie, sal 'n nasionale dispuut deur al die vakbonde op die beraad verklaar word.

Landswye meningsopnames sal onder werkers gehou word om hul reaksie op die aanbevelings van die beraad te toets.

Die lot van plaaswerkers, wat nie deur die Wet op Arbeidsverhoudinge gedek word nie, het groot aandag geniet op die beraad.

'n Woordvoerder van een van die onafhanklike vakbonde, IL Phate, het gesê daar moet dringend aandag gegee word aan dié werkers wat "swoeg in warm, koue en stowwerige omstandighede".

Volgens Phate is daar meer as twee miljoen plaaswerkers in die land "wat onder naakte onderdrukking gebuk gaan".



So leer ons mekaar ken

*Foto: Chris Qwazi*

# Vroue verruil blanke voorstad vir township

Michel Muller en Karen Evans

ONGEVEER 150 mense het verlede naweek in Port Elizabeth die geleentheid gehad om te voel hoe dit is om "aan die ander kant" te woon toe hulle woonplekke omgeruil het in die New Brighton Christian Encounter-projek.

Een vrou, Annette du Plessis, is so meegevoer deur die ondervinding dat sy besluit het om in die township te gaan woon. Haar gasvrou vir die naweek het besluit om vir haar 'n ekstra kamer aan te bou. Du Plessis sê sy het die besluit geneem om sodoende te probeer om die kloof wat daar tussen die bevolkingsgroepe bestaan te vernou.

"Ek trek omdat ek nie wette gaan ondersteun wat moreel verkeerd is nie," het sy gesê.

Vir twee dae was apartheid vergete toe families van die townships wit voorstede kon ervaar en witmense vir die naweek in die townships kon bly.

Onder die deelnemers was tieners, studente, drie dokters en twee bejaarde wit vroue.

Die ontmoeting is gereël deur die Nasionale Onderneming vir Versoening en die organisasie Koinonia - wat broederskap beteken. Die slagspreuk vir die naweek was: "Laat ek ervaar en ek sal verstaan."

Eerw Andrew Jantjies, sameroeper van die naweek, het gesê hy hoop die naweek sal meer as net goeie herinneringe tot gevolg hê. "Ons hoop die ervaring sal die begin of die voortsetting wees van die proses om 'n nuwe Suid-Afrika te bou. Ons hoop dit sal 'n sneeubal-effek hê."

Deelnemers het 'n toer van die township onderneem en die verskille tussen die haglike armoede van die Rooi-lokasie, wat sommige laat huil het, en die middelklas-woonbuurte gesien.

Vleisbraaie is in die verskillende gebiede gehou en die verrigtinge is afgesluit met 'n herdenkingsdiens gelei deur dr Nico Smith, stigter van die Mamelodi Ontmoeting in Pretoria. Smith woon in Mamelodi.

Hy het gesê dat dit voor die Mamelodi-ontmoeting vreemd was om witmense in 'n swart woonbuurt te sien, maar nou is "daar baie mense wat hulle vriende daar gaan besoek".

Een paartjie het gesê dat die hoogtepunt vir hulle die "algehele vrygewigheid" van hulle swart gashere was.

"Witmense is bekommerd en agterdogtig. Ons het iets vir hulle te sê. Hulle vrees om na die townships te gaan is geheel en al ongegrond," het hulle gesê.

Een van die deelnemers aan die ontmoeting, Dan Qeqe, 'n sakeman en gerespekteerde lid van die gemeenskap, het gesê dat die ontmoeting drie honderd jaar te laat is, hoewel dit "nooit te laat is om met jou medemens te praat nie".

# Die lewe in Suid-Afrika se doodsfabriek

Jacques Pauw

DIT is aand in die maksimum sekuriteitsafdeling van die Sentrale Gevangenis in Pretoria. 'n Gevangene kry 'n ontbeende hoender vir aandete en R4 om vir homself iets by die tronk se snoepwinkel te gaan koop.

Dit is die gevangene se heel laaste maaltyd. Net persone wat die volgende oggend gehang word, kry ontbeende hoenders vir aandete in die Sentrale Gevangenis.

'n Paar dae vantevore het bewaarders reeds sy mates kom neem. Die dikte van sy nek, sy lengte en gewig is alles nodig vir die laksman om die tou voor te berei wat hy vroeg die oggend om die veroordeelde se nek gaan sit.

In 'n verslag van die Black Sash, Inside the Death Factory, word die verhaal vertel van die lewe in die dodeselle, die laaste tree na die galgkamer en die uiteindelike teregstelling.


### Skaduwee

Die dodeselle is 'n plek waar die ligte altyd brand en die skaduwee van die dood alomteenwoordig is.

Die dodeselle bestaan uit 'n bed, vyf komberse en 'n klein tafeltjie wat aan die muur vasgemaak is. Daar is 'n klein venstertjie waardeur bietjie lig skyn.

Miki Yelani, wat meer as 'n jaar in die dodeselle was, beskryf sy ondervinding só: "Ek het angswekkende drome gehad. Ek het altyd gedroom dat ek na 'n donker plek moet gaan. Ek was bang, maar is in die plek in gedwing. Ek moes deur die donkerte gaan, beangs, tot ek anderkant uitgekom het."

In die dodeselle is daar 'n afdeling met aparte selle wat die veroordeeldes die "pot" noem. Dié selle is gereserveer vir veroordeeldes wat kennis van teregstelling gekry het - gewoonlik sewe dae voor die tyd.




Die South African Youth Congress het in 1987 'n wêreldwye veldtog geloods om die lewe van 32 veroordeeldes te red

*Foto: Anna Zieminski/Afrapix*

### Tronkvryheid

Yelani vertel die volgende oor iemand wat na die "pot" oorgeplaas is: "Hy was deur die blare en is al vallende uit sy sel. Hy het vir my gesê ek moet vir hom bid."

Diegene in die "pot" geniet ongekende tronkvryheid. Hulle mag sing, gesels en enige geraas maak.

Paulos Tshehlane, wat ook in die dodeselle was, vertel: "Wanneer die dag van teregstelling uiteindelik aanbreek en hulle moet gaan, doen hulle dit vrywillig. Hulle hoef nie gedwing te word nie. Hulle voel sterk."

Veroordeeldes vertel hulle kan hoor as die valdeur oopmaak. Dit is altyd 'n gevoel van: "Nou is die pot leeg. Wie gaan volgende daarheen?"

Die middag voor die teregstelling het die veroordeelde afskeid van sy vriende en familie geneem. Talle stap egter hul dood tegemoet sonder dat hulle ooit besoeke van enigiemand ontvang het.

Hulle laaste ure is gevul met die klanke van psalmgesang totdat die tronkkapelaan om sesuur die oggend vir die veroordeelde kom bid. Daar word vir sowat 'n halfuur gebid voor 'n bewaarder inkom en sê: "Dit is tyd om te gaan."

Die veroordeelde klim saam met die bewaarder die trappies na die galgkamer. In die kamer wag die laksman reeds op sy volgende slagoffer.

Daar is ook 'n dokter wat moet sertifiseer dat die dood ingetree het en 'n polisieman wat 'n stel vingerafdrukke neem om te verseker dat die regte man gehang word.

Hierna tree elke veroordeelde - tot sewe kan op 'n keer gehang word - by die galg aan waar hul hande vasgebind word.

Die tou word oor hul koppe gesit met die knoop net agter die oor. Hierna word 'n masker oor hul gesigte getrek.

Hierna trek die laksman 'n hefboom wat die valdeur open. Alles is binne sekondes oor.

Nadat die liggame tien minute aan die tou gehang het, stel die dokter vas of daar nog enige hartklop is. Indien daar nog 'n polsslag is - en dit gebeur dikwels - moet die liggaam vir nog 'n paar minute aan die tou hang.

Sodra die dokter sertifiseer dat die veroordeelde dood is, word hy van die tou afgehaal en in 'n kis gesit wat verseël word.

Later in die dag kom haal begrafnisondernemers die kis wat sonder seremonie in genommerde grafte toegegooi word. Dit het al gebeur dat 'n kruiptrekker die grafte toegestoot het.

Die liggame bly die eiendom van die staat. Die familie mag nooit die inhoud van die kiste sien nie en ook nie by wees as hul begrawe word nie. Hulle kry agterna 'n grafnommer waar die veroordeelde se graf is.

### Slawe

Volgens die verslag glo baie swart Suid-Afrikaners dat die Regering nie werklik veroordeeldes hang nie. Hulle glo die veroordeeldes werk as slawe in 'n ondergrondse munt.

Dit gebeur omdat naasbestaandes nie toegelaat word om liggame te sien nie.

Hulle is ook nie teenwoordig by die begrafnis nie.

*Omdat dit met die ter perse gaan te laat was om die SA Gevangenisdiens se kommentaar op die verslag te kry, haal Vrye Weekblad kommentaar van die Diens uit die Verslag aan:

"Dit is die beleid van die SA Gevangenisdiens om teregstellings en alles wat daarmee saamgaan met die grootste respek en verantwoordelikheid te hanteer. Hierdie respek spruit voort uit die omstandighede waarin die betrokke persoon hom bevind."

## Nóg twee hang

TWEE moordenaars is gister in Pretoria gehang, ondanks vertoë tot die Minister van Justisie om die teregstelling uit te stel.

'n Beampte van die Pretoriase Hooggeregshof het bevestig dat Joseph Letsiri, 23, en Benfisius Sekgothe, 22, gister (Donderdag) gehang is.

Regslui vir Menseregte het in 'n verklaring gesê elke mens het die reg om die Staatspresident om begenadiging te petisioneer. - Sapa.

## Speaker verwerp ontslag-petisie teen Strydom

Anton Steenkamp

'N PETISIE van Helen Suzman, PFP-LP vir Houghton, wat vra dat regter Jan Strydom uit sy amp ontslaan word "as gevolg van sy handelinge en uitsprake wat kritiek hier en oorsee uitgelok en die aansien van die Suid-Afrikaanse regstelsel laat daal het", is Woensdag deur die Speaker, Louis le Grange, verwerp.

Suzman het Woensdagaand aan Vrye Weekblad gesê sy sal nou 'n mosie in die Parlement indien wat vra dat 'n gekose komitee aangestel word om Strydom se handelinge en uitsprake te ondersoek.

Vrye Weekblad het twee weke gelede onthul dat Strydom ses kriminele veroordelings teen hom gehad het toe hy as advokaat toegelaat is.

Le Grange het in sy verwerping van die petisie gesê 'n beweerde geneigdheid van Strydom om bevooroordeeld teenoor swartes te wees, kan nie bevestig word op grond van net vyf uitsprake nie.

Een van Strydom se uitsprake wat op appèl van die hand gewys is, was die saak van die Staat teen Mgedesi en ander, waarin Strydom drie mynwerkers wat in 'n stamgeveg op die Vaal Reefs-goudmyn betrokke was, aan moord skuldig bevind en ter dood veroordeel het.

Die Appèlhof het twee van die drie vonnisse van die hand gewys. Die een beskuldigde is slegs aan aanranding skuldig bevind en tot 30 dae gevangenisstraf gevonnis, en die ander een is vrygespreek.

U word uitgenooi na die
JODAC-KONFERENSIE
19 Maart 1989
Post-Apartheid Suid-Afrika: 'n Debat oor die sleutelkwessies

Die konferensie handel oor die verandering en rekonstruksie van die Suid-Afrikaanse samelewing. Vier onderwerpe sal bespreek word deur leidende aktiviste en intellektuele in die veld. Dit sal gevolg word deur 'n algemene bespreking.

Onderwerpe:
- Die staat, politiek en demokrasie
- Die rol van die massamedia in 'n populêre demokrasie
- Vakbonde en die ekonomie-in-verandering
- Die bou van een nasionale identiteit: Uitdagings en probleme

Plek: Cathedral of Christ the King
Saratoga-laan
Doornfontein

Antwoord asb deur 728 3030 te skakel

ZONA is in Norwood, en Saterdag, 12 Maart hou Norwood straatpartytjie

Ons verkoop die allerbeste inheemse handwerk en kuns. Ons rare artikels beloof 'n fees vir die oog én die sak te wees.

ZONA
Grantlaan 64, Norwood
Tel: 728-4154

# Dorp kaal gestroop, maar wet moet bly

Elsabé Wessels

DIS Saterdagoggend op Carletonville. Vir die dorp se KP-stadsraad is die sake-gebied skielik 'n blanke paradys. Sakemanne, bleek gelaat deur die verlammende swart verbruikersboikot, praat van die "wit nagmerrie".

En die mynwerkersdorp se Nasionaliste skarrel rond. Hulle het oorlog verklaar teen die KP-stadsraad se "kwetsende slegs blanke-bordjies", maar hulle hou voet by stuk dat die kwetsende wetgewing nie goedsmoeds geskrap kan word nie.

Tydens 'n besoek verlede Saterdag was daar buiten enkele swart werknemers nie 'n swart koper in die dorp se grootste kettingwinkels te bespeur nie.

By die minibus-opklimpunt het honderde egter tou gestaan om na Randfontein, Vanderbijlpark en Johannesburg vervoer te word.

"Dit is die koste wat ons vir die KP se apartheidsbordjies betaal," sê Chris McPherson van die NP op die dorp.

'n Mens sou verwag dat Carletonville se NP-ondersteuners 'n les geleer het uit Boksburg en Carletonville, maar leidende Nasionaliste op die dorp weier steeds om hulle teen die Wet op Afsonderlike Geriewe uit te spreek.

Beide McPherson en die NP se afdelingsbestuur-voorsitter, Constant Pretorius, het die "skade" beklemtoon wat deur die boikot aangerig word.

Ondanks hul kritiek op die KP se gebruik van NP-wetgewing is beide McPherson en Pretorius onwillig om hul teen die Wet op Afsonderlike Geriewe uit te spreek.

"Daar is sekere ander opsies," sê McPherson op die vraag of hy die afskaffing van dié Wet steun. Hy sou afskaffing voorstel net indien "alternatiewe beskerming van groepsregte" verskans word.

Pretorius, 'n sakeman wat reeds 25 jaar lank op Carletonville woon, meen dat die "boikot beslis seer maak". Ook hy sien geen nodigheid om druk op die regering te plaas om die wetgewing te skrap nie.

Wat die Nasionaliste op die dorp betref, moet die wetgewing bly, maar die KP moet gedwing word om die "bordjies af te haal".

Die kritieke toestand op die dorp is dié week egter uitgespel deur Annatjie Claasen, president van Carletonville se Kamer van Koophandel. "In dié stadium koop net mooi niemand nie."

Die verbruikersboikot wat nou sy derde week binnegaan, het Carletonville se sentrale sakegebied - waar 'n beraamde 65 persent van die koopkrag swart is - lamgelê.

"Ons is kaal gestroop," sê die bestuurder van een van die dorp se grootste kettingwinkels.

Die syfers is verdoemend, sê Claasen. In die eerste week het 98 persent van die dorp se sakebedrywighede verliese van 10 tot 100 persent in verkope gely.

Dié week het 53 persent van sakeondernemings verliese van tussen 41 en 100 persent gely. Die res het verliese van tussen 0 en 40 persent gely, sê Claasen na aanleiding van 'n opname wat in die dorp gemaak is.

Dat die verbruikersboikot tot op hede 'n sukses is vir Carletonville en Westonaria se swart gemeenskappe, ly geen twyfel nie. Veral kleiner sakemanne glo dat hulle kaal anderkant gaan uitkom.

# Reigerpark se mense onwrikbaar oor wit dorp

Frank Meintjies

STILTE heers in die strate van Reigerpark op 'n Saterdagoggend. Daar is geen van die normale tekens van 'n groot protes-veldtog en boikot-aksie nie.

Geen jeugdiges dans die toyi-toyi nie en geen uitgesproke T-hemde word gedra nie. Daar is ook geen teken van 'n reaksie-eenheid, Casspirs of troepies wat so 'n alombekende gesig in Suid-Afrikaanse townships geword het nie.

Jonk en oud staan gedweë langs die pad en wag vir vervoer na winkelsentrums in aangrensende dorpe. Net by die terminus vir protesbusse is daar 'n sweem van 'n "atmosfeer".

Daar is 'n gegons van komiteelede wat helder "Red Boksburg" T-hemde dra. Hulle koördineer die beweging van busse waarop baniere met slagspreuke soos "Verwerp Rassistiese Dorpe" en "Dit is vir jou toekoms" vasgemaak is.

Die lang wag vir vervoer laat die mense gedweë, maar hulle is dit eens dat die boikot moet voortduur.

'n Grys ouma wat verrassend militant is, vergelyk Boksburg met haar tuisdorp. "Ek kom van Kwambonambi in Noord-Natal/KwaZulu. As enigiemand jou 'n kaffer daar noem kan jy 'n klag teen die persoon indien. Almal word as gelykes behandel. Ons wil nie slawe soos ons voorouers wees nie."

'n Welgeklede middeljarige vrou was meer bekommerd dat daar nie taxi's stasie toe was nie, vanwaar sy na Johannesburg wou reis. "Vervoer is 'n probleem. Daar is geen taxi's wat na die stasie toe gaan nie. Hulle gaan almal na Germiston toe, want hulle maak meer geld. Dit kos R1,50 per persoon," sê sy, maar voeg by met 'n breë glimlag: "Apartheid is gebreek".


'n Man in sy dertigs is vuur en vlam. Hy volg die gebeure noukeurig. "Daar is een taxi-drywer wat probleme veroorsaak. Hy dring daarop aan om na die dorp te gaan.

"Hy argumenteer dat hy die mense soontoe neem om hulle rekeninge te gaan betaal. Maar hulle kan in ander gebiede ook gaan betaal. Ons kan hierdie ou regsien, maar ons wil nie. Dit sal die witmense net 'n ekskuus gee om te sê dat ons die mense intimideer."

'n Werkende jeugdige is trots daarop om deel van die boikot te wees, maar sê dat iets gedoen sal moet word om die vervoerprobleem op te los: "Waar ek werk, praat al die mense oor hoe die mense van Reigerpark saamstaan. Dis regtig iets. Die enigste probleem is vervoer. Elke Saterdag is dit soos nou - hier is nie genoeg taxi's nie."

Twee giggelende tieners sê die boikot beteken dat hulle hul klere op aangrensende dorpe (op ma se rekening) moet koop. "Hulle moet besef dat ons ook trots is, net soos die witmense trots is. Ons is vlees en bloed net soos hulle."

Henry Jeffreys, 'n komitee-lid, sê hy is verbaas oor hoe toegewyd die inwoners is: "Die mense van Reigerpark is oor die algemeen apolities. Ek is verbaas dat die veldtog na so 'n lang tyd nog só sterk is."



'n Bus op pad na winkels buite Boksburg

# Loopgraaf-stryd op Boksburg verwag

Frank Meintjies

DIE vernaamste spelers in die Boksburg-konflik maak nou gereed vir 'n uitgerekte bakleiery ná die herinstelling van klein-apartheid deur die KP-stadsraad op die dorp.

Ontevrede sakemanne begin nou "saamlewe" met die verlaging in omset wat deur die Reigerpark-boikot teweeggebring is. Aan die ander kant beplan die aktiviste van Reigerpark 'n boikotprogram wat tot ten minste einde vanjaar sal voortduur.

"Dit gaan nog baie goed, al was daar al sekere veranderings in die benadering," sê Mohammed Navsa, lid van die Red Boksburg-komitee.

"Aan die begin het ons meer klem daarop gelê om mense per bus na alternatiewe winkels te vervoer, maar nou wil ons eerder die plaaslike (township) handel ondersteun.

"Ons wil met die winkeleienaars ooreenkom oor die aankoop van sekere goedere. Hulle sal dan die goedere verkoop teen dieselfde prys as die vernaamste supermarkte.

"Ons probeer ook om die kundigheid van die plaaslike sakemanne te bevorder."

Dit is duidelik dat die komitee homself voorberei vir 'n lang tydperk in die loopgrawe. "Ons beplan vir die toekoms."

Die komitee het aan ons 'n verslag gewys waarin hulle vir die komende jaar begroot om verskeie uitgawes te dek, onder meer die huur van busse, ens. Hulle is nie bekommerd oor die stadsraad se dreigemente dat hulle die dienste van Reigerpark sal afsny nie.

"Hulle sal nie die dienste afsny nie. Hulle sal probleme met die Gesondheidsdepartement hê. En hulle sal moet ophou om ons R60 per huis vir die dienste te vra," het 'n ander komitee-lid, George du Plessis, gesê.

'n Groot probleem vir die boikotters is die gebrek aan georganiseerde ondersteuning uit Vosloorus. Henry Jeffreys, 'n komitee-lid, sê die optrede word nie in Vosloorus gekoördineer nie omdat daar ideologiese verskille bestaan.

Hoewel daar in Reigerpark ondersteuners van die Arbeidersparty en die Freedom Charter is, was "die gemeenskap dit eens dat ons moet saamwerk. En toe het ons ooreengekom om ons verskille oor ander aangeleenthede vir eers op die agtergrond te plaas," sê Jeffreys.

Die Red Boksburg-komitee is maar kil teenoor die "Boksburg Alliansie" - 'n groep winkeleienaars wat die boikot in 'n selektiewe een wil verander - soos wat hulle kil staan oor die moontlikheid dat die Konserwatiewe Party tot sy sinne sal kom.

"Die Alliansie probeer om mense met plakkers en pamflette aan te moedig om te koop by die winkels wat aan die Alliansie behoort. Ons strategie is om mense geheel en al uit die dorp te hou. Ons gaan die Alliansie uitdaag om na Reigerpark te kom en hulle standpunt aan die inwoners te stel. Hoekom gebruik hulle plakkers om met ons te kommunikeer?" vra Jeffreys.

Die Alliansie vertoon 'n gebrek aan rigting en min lede het nog 'n kopie van hul manifes teen hul winkelvensters. "Hoekom moet ek 'n plakker op my venster hê vir ses maande?" vra Nicky Savvides van die Hardeware en Tuinsentrum en 'n stigterslid van die Alliansie.

Toe hy uitgevra is oor die boikot het hy bitter geantwoord: "Ek het nog nooit so 'n goed beheerde boikot gesien nie. Taxi's word nie in die dorp toegelaat nie, slegs dié wat motors besit, kom koop.

"Die KP beskuldig die Alliansie daarvan dat hulle die omvang van die boikot vergroot. Maar hulle sal móét wakker skrik as die dorp eers leeg is."

Alliansie-lid Zac Zacchino van Hydes of Boksburg het 'n manifes op sy winkelvenster. "Die sakegemeenskap het baie om oor verantwoording te doen aan die mense van Reigerpark. Baie van hulle het hulle ondersteuning (aan die Alliansie) teruggetrek nadat hulle deur die stadsraad gedreig is."

Hy sê sake het wel toegeneem ná 'n laagtepunt oor Kersseisoen. "Mense bel my en wens my geluk omdat ek by my standpunt gebly het."

Hy glo nie dat die KP se standpunt die meerderheid van die blankes verteenwoordig nie. "Net 33 persent het gestem - en die meerderheid was KP-ondersteuners."

Five Freedoms Forum

Elitisme - het dit 'n plek in 'n demokratiese samelewing?

Die tweede van twee seminare om hierdie kwessie uit verskeie oogpunte te bespreek, word in Maart gehou.

Elitisme - Die opvoedkundige implikasies in 'n demokratiese samelewing.

Sprekers: Fanyana Mazibuko (University Prep Project)
Angie Ramarola (Wits-Universiteit)
Mark Henning (Vereniging van Privaat Skole)
Ian Moll (Wits-Universiteit)
Mark Orkin (Voorsitter)

Tyd: 2nm tot 5nm
Datum: 18 Maart 1989
Plek: Sentraal Metodiste Kerk
h/v Smal- en Pritchard-strate, Johannesburg

# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

**Ons werk om <u>nou</u> 'n verskil te maak.**

# Sak patats is uit: Roelfie het gekla!

**Jacques Pauw**

EN daar kom die hele sak patats toe uit: die klaer in die saak van die Staat teen Ramjee is toe niemand anders nie as sy edele adjunk-minister Roelf Meyer!

Davechand Ramjee is 'n 39-jarige lid van die "gekleurde" groep wat in die Johannesburgse landdroshof teregstaan op klagtes dat hy die Groepsgebiedewet oortree het deur in Mayfair-Wes, 'n woongebied gereserveer vir die "blanke ras", te woon.

Daar was groot hofdrama hierdie week toe adjudant-offisier Adriaan Johannes van Blerk van die Polisie se groepsgebiedetak moes verduidelik wie nou eintlik vir Ramjee verkla het.

Eers het Van Blerk gesê dis die inwoners wat gekla het. Hy kon egter nie die name onthou nie. Hierna het staatsaanklaer HM Uys terstond geweier om die polisie-dossier beskikbaar te stel omdat dit "gepriviligeerd" sou wees.

Landdros G van Wyk het uiteindelik beslis: laat Van Blerk na die dossier kyk en sê wie die klaer is.

"Die klagte was afkomstig van Pretoria, Edelagbare. Van adjunkminister RP Meyer, Edelagbare," het Van Blerk gesê en sy oë hemelwaarts gerig.

Hy het gesê hy meen die inwoners het by Meyer gaan kla wat die saak op sy beurt na die polisie verwys het. Klagtes in twee sake het hom op dié manier bereik, het Van Blerk getuig.

'n Rukkie later het Maria Johanna Magdelena Kruger, onder-voorsitter van die Belastingbetalersvereniging van Mayfair-Wes, getuig dat hulle nog altyd baie goeie samewerking van Meyer gekry het en dat hulle inderdaad by hom gaan kla het oor Ramjee se besetting van St Jeferiesstraat 62.

By 'n einste vergadering van die Belastingbetalersvereniging wat verlede week deur Vrye Weekblad bygewoon is, is daar na Meyer as "ou useless Roelfie" verwys en is lasterlikhede kwytgeraak soos: "Die koelies het Roelfie gebribe."

Kruger, geklee in 'n seegroenrok en 'n Krugerrand om haar nek, het getuig dat haar vereniging intensief daarop ingaan om vas te stel hoeveel indringing daar deur Indiërs in Mayfair-Wes is en hoe dit gebeur.

"Die mense is so op hul hoede deesdae, dat sodra iemand net effens donker van kleur in Mayfair-Wes woon, word daar by die Belastingbetalersvereniging gekla wat dan ondersoek instel," het sy gesê.

Saam met Ramjee staan 'n Johannesburgse prokureur, Lawley Shein, 34, op die dieselfde klagtes tereg. Hy word daarvan beskuldig dat hy Bramjee toegelaat het om sy huis te bewoon. Beide ontken skuld op die klagtes.

Ramjee het in 'n verklaring aan Van Blerk gesê hy huur die huis teen R740 per maand by Shein. Hy het daar ingetrek nadat hy vergeefs 'n geskikte huis in 'n Indiërgebied gesoek het. Hy sal nie uit die huis trek voordat hy nie 'n geskikte huis in 'n Indiërgebied gekry het nie.

Van Blerk het in die hof erken dat hy sowat twee weke gelede 'n vergadering van die Belastingbetalersvereniging bygewoon het waarna hy verklarings van vier beswaarde inwoners afgeneem het.

Onder hulle was Ben Bopp, voorbok-beswaarde wat enkele weke gelede betrokke was by die insident toe 'n Indiër-gesin verhoed is om in 'n huis in Mayfair-Wes in te trek. 'n Galgtou is oor 'n muur gehang en AWB-slagspreuke op die huis geverf.

Ramjee het onlangs 'n nota in sy posbus gekry met die woorde: "You are next" saam met knipsels van die insident.

Bopp was vandeesweek agter in die hof waar hy die verrigtinge gevolg het. Gedurende verdagings het Bopp, Kruger en Van Blerk met mekaar gekonsulteer.

Kruger, wat al 58 jaar in Mayfair-Wes woon, het gesê volgens 'n opname van die Vereniging wat in November 1987 gedoen is, is 97 persent van die inwoners gekant teen "Indiër-indringing."


Kruger sê die inwoners wil nie 'n tweede Mayfair hê nie. Hulle vrees dat die anderskleuriges gaan oorneem. Daar is reeds 'n blanke woningsnood in Mayfair-Wes.

"Ons kerke maak toe, ons skole maak toe, ons word heeltemal verdring. Waar moet ons heen? Ek het niks persoonliks teen dié mense nie, ons wil net ons eie woongebied hê," het sy gesê.

Die Belastingbetalersvereniging is gestig om Mayfair-Wes 'n "puik woongebied" te maak, het Kruger gesê. Dis moeilik om te sê of die Indiërs kan bydra om die woonbuurt puik te maak, meen Kruger.

"Die blankes moes padgee want hulle kan nie tred hou met die verbeterings nie. Hulle (die Indiërs) is mense met geld," het Kruger gesê.

Landdros van Wyk het die verhoor tot 19 April uitgestel.




**Lede van die KP betoog voor 'n huis in Malvern waar 'n Indiërgesin hierdie week ingetrek het**
*Foto: Anna Zieminski/Afrapix*

## Mayfair-voorval herhaal in Malvern

'n Indiërman het hierdie week 'n klag teen ondersteuners van die Konserwatiewe Party ingedien nadat hulle hom lastig geval het toe hy in 'n huis in Malvern ingetrek het.

Intussen het die Prokureur-Generaal van die Witwatersrand, adv Klaus von Lieres, gesê dat dit "logistiek onmoontlik" is om enigiemand in Johannesburg onder die Groepsgebiedewet te vervolg. Hy sê daar is minder as 20 sulke sake jaarliks.

Verlede week het sowat 50 swart inwoners van die Ponte-gebou in Hillbrow uitsettingsbevele ontvang. Die polisie het glo die eienaars gewaarsku dat die swart bewoners onwettig daar is.

Die inwoners, waarvan meeste professionele mense is, moet teen die einde van die maand hul woonstelle ontruim. Die inwoners is voornemens om die uitsetting in die hof te beveg.

Dit is opvallend dat die inwoners die bevele verlede Dinsdag ontvang het - een dag voordat die Wet op Vrye Vestiging in werking getree het.

'n Onderonsie tussen sowat 15 lede van Actstop en nege lede van die KP het ontstaan toe Morgan Naidoo in Sewendestraat, Malvern probeer intrek het. Die KP-ondersteuners het die ingang na die huis blokkeer en probeer verhoed dat mense huisraad indra.

'n Klag dat Naidoo die Groepsgebiedewet oortree, is deur die KP teen hom ingedien.

# Suidwesters het mos nie seergekry nie

**Jaco Malan**

"Zum Bacchus", 'n privaat-restaurant vir Duitssprekendes lê op 'n plaas net buite Somerset-Wes, of Sommer Suidwes soos dit ook bekend staan weens die groot aantal uitgeweke Suidwesters wat nou daar woon.

Die gaste draal op die voorstoep en verlustig hulle in die vergesig: wingerdplase met Tafelberg mistig in die agtergrond. Dan kom hulle binne en groet dié wat reeds daar is op hulle voorname.

By een van die tafels maak 'n middeljarige man die gebroke Duits van sy gewese Afrikaner-buurman in Suidwes na.

Dié oud-buurman vertel dis die mense in die Republiek se skuld dat Suidwes vir 13 jaar oorlog gehad het. Nou moet Suid-Afrika net wegbly, en so ook al die geëmigreerdes, want hulle verstaan nie meer wat in Suidwes aangaan nie. Daar kom nou vrede, en nou gaan mens maklik geld maak.

Rudi, die Duitser, skud sy kop. "Die man verstaan nie dat dit die oorlog is wat Suidwes aan die gang gehou het nie. En buitendien, die Suidwesters het nie eers seergekry in die oorlog nie. Miskien hier en daar 'n swarte van Koevoet dood ja, maar dis ook al."

'n Jong man met 'n T-hemp wil van Oom Rudi weet wat dan van die ekonomie in Suidwes gaan word. "My vriend, as jy daar wil gaan bly, gaan bly daar, maar sorg dat jy jou geld op 'n ander plek het."

Iemand vertel van 'n "betroubare" gerug wat hy gehoor het: die nuwe geldeenheid van Nambië gaan die Namib genoem word. Oom Rudi vaar uit: "Ek haat daardie naam Namibië. Weet jy wat dit beteken? Dis inboorlingtaal vir Woestyn... vir niks!"

"Een Namib - een niks," mymer die T-hemp-kêrel. Oor die redes hoekom hulle Suidwes verlaat het, is hulle ontwykend. Enige bewering dat julle verskuiwing iets met die politiek te make sou hê, word ontken.

Verwag hulle nuwe aankomelinge uit Suidwes? Ja, daar kom nou weer 'n paar mense aan, word toegegee, maar daar is konsensus: Die meeste wat wou padgee, het reeds padgegee.

"Kyk, as jy wil uitkom, moet jy geld hê, en as al die boere nou gelyk wil verkoop, wat word dan van die prys van die grond? En mense weet dieselfde ding gaan môre hier in Suid-Afrika ook gebeur."

Rudi haal sy skouers op. "Oor 'n paar jaar het jy hier ook gemengde woonbuurte. Wie gee om? Die paar wat die geld het, kan maar tussen ons kom bly. Die probleem is ... "

Hy trek die asbak nader, en skuif twee pakkies Ritmeester-sigare aan weerskante daarvan. "As jy hier bly (sy vinger rus op die asbak) en daar trek twee swart gesinne langs jou in (nou druk sy wysvingers op elke die Ritmeester-pakkie, en hy staar in die asbak) dan kry jy nie weer jou huis verkoop nie."

Hy sit die een sigaar-pakkie bo-op die ander en skuif dit onnodig ver weg van die asbak. "Das ist der Scheisse," sê hy aan homself.

In 'n binneplein langs die hoofstraat van Somerset-Wes drink ek 'n koppie filterkoffie, en blaai deur die plaaslike koerant.

'n Advertensie geplaas deur die Suidwesterklub nooi "alle ou-Suidwesters en ook nuwe intrekkers" vriendelik uit na 'n bring-en-braai, en belowe "om die ou Suidwesgees en kameraadskap vir nog baie jare in die toekoms te laat voortbestaan."

Die lewe is uithoudbaar hier in Sommer Suidwes. Mens rook sigare, drink filterkoffie, koop olieverfskilderye van die woestyn by die naaste kunswinkel, en gesels (oor 'n bietjie Windhoek Export) oor die slegte weer van jou gewese land.

Ek ry Kaap toe, gaan kuier vir Ben in die hospitaal. Sy linkerbeen is tot by die heup in gips. 'n Kar het voor sy motorfiets ingery.

Ek vertel hom van Somerset-Wes, en ons praat oor Namibië en die oorlog. Hy praat oor 'n spesifieke ervaring in die Noorde, oor 'n patrollie, oor 'n Ovambo-man wat nie vriendelik genoeg gegroet het nie en opgetel is in 'n pantserkar.

Hy vertel van hoe hulle met hom in die veld inry, en hoe sy privaatdele met jumper-leads aan die enjin van die jeep gekonnekteer word. Van hoe iemand skree 40km ... 50km ... 60km terwyl die enjin gerev word. Van hoe die man al rukkende sy bewussyn verloor, hoe hy weer bykom nadat water in sy gesig gegooi word.

Van hoe 'n streep op die klipperige grond getrek word, van hoe die man tot by die streep moet hardloop en dan so ver hy kan deur die lug moet duik, keer op keer, elke keer met die bevel: Verder! Verder! Van hoe hy homself te pletter val op die harde grond.

Hy vertel van hoe 'n gat in die grond gegrawe word, en die man se kop daarin gedruk en met sand toegegooi word, en water op die sand gegooi word sodat hy nog minder asem kan kry "omdat hy so k.. gespring het".


Van hoe hy uit die sand getrek word as hy begin ruk, en hoe dit keer op keer herhaal word totdat die man heeltemal stil bly lê. Hy vertel van hoe hy naar word op die pantserkar.

Ben sluk 'n paar pille met 'n glas water af. "Ja," sê hy, "hoe stel jou restaurant-vriende dit: daar't mos nie Suidwesters seergekry in die oorlog nie."

OOP SATERDAE TOT 4 NM
ons koop van die oorspronklike bronne en kan bewys dat alle stukke outentiek is
african magic
spesialiste in Suider-Afrikaanse stamkunsvoorwerpe en volkskuns
rockeystraat 20, bellevue, johannesburg 011 648-4548
9a milkwoodsentrum, plettenbergbaai 04457 32-908

# Comore sê vir SA: Betaal en bly stil, of loop

**Die Suid-Afrikaanse regering, wat finansiële hulp verskaf aan die Comoro-eilande, word voortdurend daaraan herinner dat as hy nie doen wat van hom verwag word nie, hy kan loop, sê Suid-Afrika se handelsverteenwoordiger in die Comore, Rodger Harding. Suid-Afrikaanse geld beweeg die land binne deur die berugte Presidentswag, wat al by marteling en moord betrokke was, berig DAN BAUM.**




SUID-AFRIKA se begeerte om sy internasionale beeld te verbeter het Pretoria in 'n nagmerrie van openbare betrekkinge gelei op hierdie winderige en verlate eilandegroep van die Comore.

Suid-Afrika het hier 'n land gevind wat bereid is om Suid-Afrikaanse handel en hulp te aanvaar. 'n Hotel van 30 miljoen dollar, 'n eksperimentele plaas van 1300 akker, padwerke, behuising en mediese hulp word deur die Suid-Afrikaanse regering geborg.

Die regering van die Comore ontken egter alles. Op papier gaan al die Suid-Afrikaanse geld egter na die Presidentswag, 500 stormtroepe met groen berette wat openlik deur 'n groep buitelandse huursoldate gelei word.

Rodger Harding, die Suid-Afrikaanse handelsverteenwoordiger in die hoofstad Moroni, sê die Wag dring daarop aan om die geleier van Suid-Afrikaanse hulp te wees.

Buiten militêre opleiding en wapens, kry die Wag ook krediet vir die plaas, die huise, die paaie en die mediese hulp terwyl Suid-Afrika se rol in die skadu gehou word, sê Harding.

"Dit is baie frustrerend. Ek dink my land doen iets goeds hier, maar onder huidige omstandighede kan niemand dit sien nie," sê hy.

Vir 'n land wat probeer om sy beeld op te knap, is enige assosiasie met die Wag dodelik. Dit is nie heeltemal duidelik wie die Comore regeer nie - president Ahmed Abdallah of sy Wag.

Ná die poging tot 'n staatsgreep in November 1988, het Wag-troepe na bewering drie opstandelinge doodgemartel. Kinders het toe begin om "moordenaar" te skree wanneer Rodger Harding se motor verbyry.

Die bevelvoerder van die Wag, wat in die Comore slegs as Majoor Marques bekend staan, het 'n onderhoud geweier. Maar die Wag weier duidelik om enige verbintenis met Suid-Afrika te erken. Die Wag het al mense wat rondloop met T-hempies met "Comoros-South African friendship" daarop, wat deur Harding uitgedeel is, in die straat uitgetrek.

"Hulle (die Wag) is werklik 'n staat binne 'n staat," sê 'n voormalige inligtingsdirekteur van die regering, Salim Himidi.

Die huidige regering se inligtingsdirekteur, Said Mohammed Said Tourqui, wat van Junie 1988 sy pos beklee, het ontken dat die Comore verhoudinge met Suid-Afrika het.

Hy het ook die bestaan ontken van die groot Suid-Afrikaans gefinansierde Galawa Hotel wat op die noordelike punt van Grand Comore gebou word, en selfs ontken dat Harding bestaan.

"Jy praat oor 'n hotel," het hy in 'n onderhoud gesê. "Dit kan moontlik deur Marsmanne gebou word. Jy praat van 'n handelsverteenwoordiger. Ek het nog nooit van hom gehoor nie."

Harding, wat die Suid-Afrikaanse vlag bo sy huis nie ver van Said Tourqui se kantoor laat wapper, het gesê die huidige situasie gee aan Suid-Afrika 'n onaangename keuse: òf hy hou aan om hulp te verskaf aan 'n onsmaaklike en ongewilde paramilitêre regering, òf hy laat sy nuwe vriende in Afrika in die steek.

"Gegee Suid-Afrika se ongewilde beeld en sy uiterste begeerte om homself in 'n goeie lig te stel, is hy min of meer aan die genade van die magshebbers oorgelaat. Suid-Afrika word voortdurend daaraan herinner dat as hy nie doen wat van hom verwag word nie, hy kan loop," sê Harding.

Volgens Harding het Suid-Afrika by die Wag betrokke geraak nadat Abdallah weer aan bewind gebring is deur dieselfde huursoldate wat nou sy Wag beheer.

Frankryk, die voormalige koloniale mag, het vir die staatsgreep betaal om die sterk anti-Franse president Akli Soilih te ontsetel, maar geweier om die huursoldate se voortgesette teenwoordigheid te steun, het Himidi gesê. Frankryk het enige verbintenis met die huursoldate ontken.

Suid-Afrika het die die geleentheid aangegryp en het sedertdien 'n kragtige radio-monitorstasie op Grand Comore gebou.

Harding ontken dat Suid-Afrika die Comore as 'n halfwegstasie gebruik het om wapens na Renamo in Mosambiek, 180 myl ver, te vervoer. Maar Himidi het gesê Pretoria se militêre belange het nie noodwendig iets met Suid-Afrika se Departement van Buitelandse Sake te doen nie, en dat Harding moontlik nie daarvan weet nie.

"Ek dink nie die Comoriane of die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger weet wanneer hulle (die Wag) kom of gaan nie," het hy gesê. - New African

## Rykes in Zimbabwe doodbang vir 'A-Team'

**Lawrence Bartlett**

'N SPAN van drie Australiese belastingondersoekers, wat die A-Team genoem word, is besig om 'n klein revolusie in Zimbabwe te lei.

Hulle gebruik metodes wat standaard is in Australië, maar hier skokkend nuut is en vrees inboesem by hoë mense vir wie belastingontduiking 'n lewenswyse geword het.

"Mense het met moord weggekom," sê Ken Donohoue, 39, van Adelaide in Australië. "Dis regtig 'n blik wurms; 'n belastingouditeur se paradys."

In net sewe maande het hy en sy kollegas, Mike Flanagan, 33, en David Hamilton-Smith, 38, meer as nege miljoen Zimbabwiese dollars in onbetaalde belasting en strafgeld vir die regering ingevorder.

In 'n land met 'n bevolking van agt miljoen, waarvan die meeste kleinboere is, is dit 'n groot slag vir die rykes. En die A-Team het maar net begin. Op die oomblik is hulle besig om "onderhandelinge af te handel" met 'n enkele belastingbetaler wat drie miljoen dollar skuld.

Hulle is deur die Zimbabwiese regering in diens geneem as deel van Australië se hulpprogram. Hul ongekende sukses beteken baie winsgewende hulp aan 'n land wat elke enkele sent vir sy ambisieuse ontwikkelingsprogram nodig het.

Maar dit is die soort hulp wat nie deur sekere sektore van die gemeenskap verwelkom word nie. Indien die land nou 'n belasting-ouditeur se paradys is, was dit voorheen die Tuin van Eden vir belastingontduikers.

Die A-Team is 'n gereelde onderwerp van bespreking tydens sakeetes en cocktails in Harare, en gerugte doen die rondte oor hul metodes en die dreigemente teen hulle.

'n Woedende sakevrou van Harare wat nie haar naam genoem wil hê nie, sê: "As hulle tog hul Eerste Wêreld-doeltreffendheid wil terugvat Australië toe en ons los om met ons lewens voort te gaan soos ons dit altyd gedoen het." - New African


**VAKATURE**

**TOPS**

**The Other Press Service**

**TOPS, 'n mediaproduksie-agentskap wat in Johannesburg gesetel is, benodig 'n Administrateur.**
**TOPS is 'n klein, onafhanklike mediaproduksie-huis en opleidingsagentskap wat progressiewe gemeenskapsorganisasies, vakbonde en kerke bedien.**

Die werk van die administrateur behels:
- Basiese boekhou
- Daaglikse administrasie
- Die hantering van versoeke om hulp en advies

Die suksesvolle applikant moet:
- Toegewyd wees aan demokratiese beginsels
- Self-gemotiveerd wees
- In staat wees om met die mimimum toesig te werk
- Volwasse wees
- Rekenaargeletterd wees

TOPS bied 'n salaris van R1400 'n maand, asook 'n mediese hulptoelaag van R100 'n maand.

**Indien jy belangstel, skryf aan:**
**TOPS**
**Posbus 28418**
**Kensington 2101**
**JOHANNESBURG**

Sluit asseblief 'n CV met volle besonderhede wat jy relevant mag vind in. Sluit ook in die naam, adres en telefoonnommer van ten minste een referent.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 20 Maart


# 36 vroue, en steeds ongelukkig

SY majesteit Mongo Faya, alias Dr Juliot, alias Mongo Nduan, is 'n musikant, tradisionele dokter en regeerder van sy selfafgebakende Kakoumba-koninkryk in die stad Douala in Kameroen.

Faya het 36 vroue en 32 kinders. Maar hy is steeds nie 'n gelukkige man nie.

Hy is net 35 jaar oud, en het onlangs 'n sensasie veroorsaak toe hy een Sondagoggend met ses pragtige, entoesiastiese meisies in 'n unieke seremonie in sy koninkryk getroud is.

Maar hy is nog steeds nie 'n gelukkige man nie omdat die Guinness Book of Records hom nie erken as die eerste man wat gelyktydig met ses vroue trou nie.

Mongo leef nie in 'n towerpaleis nie, maar in gehawende woonstelletjie in die onderdorp van Douala wat nie veel groter as 'n tronksel is nie.

Mongo maak sy geld deur sy vrouens te laat werk op plase en in skoonheidsalonne en winkels in sy tuisdorp Endom.

Sommige mense sê Faya gebruik sy mag as toordokter om pragtige meisies in sy vrouens te verander.

Maar hy sê: "Die meisies wat met my trou doen dit nie vir geld of luukshede nie, maar slegs vir liefde."

Chantal, sy hoofvrou, sê: "Ons is lief vir hom omdat hy 'n baie aantreklike man is.

"Ons doen voorspraak vir sy deugde. Ons bring ons vriende na hom om met hom te trou."


Chantal sê sy het met hom getrou nadat haar suster sy foto aan haar gewys het.

Die aantreklike man wat sy gesien het was lank, harig, gespierd, met 'n ligte vel, en 'n reputasie vir eerlikheid, gesag en sterk seksuele dryfkrag.

"In ons paleis is dit die vroue wat regeer ... selfs ons nagtelike liefdesbesoeke is nie gereël nie. Elkeen van ons klop net aan sy Majesteit se deur wanneer sy hom nodig het en dit maak nie een van ons kwaad nie."

Dit verklaar waarom Faya 32 kinders het en 'n kwart van sy vroue op die oomblik verwagtend is.

En dan het hy nog die energie om elke oggend te gaan draf! - New African


**Sy majesteit Mongo Faya**

## Mobutu roei weer mini-rokkies uit

PRESIDENT Mobutu Sese Seko van Zaïre het jongmeisies in sy land alweer aangesê om nie mini-rokkies, sykouse, pruike en broeke te dra nie. Hy het hulle opdrag gegee om hierdie simbole van Westerse dekadensie te laat vaar, en selfs die gebruik van lipstiffies verbied.


Dit dui op 'n terugkeer na die slegte ou dae toe die inwoners van Zaïre deur Mobutu gedwing is om hul Westerse name te verander, op te hou om Westerse klere te dra en terug te keer na hul "wortels", of hul daarvan hou of nie.

In die suidelike Kivu-gebied is kroegeienaars onlangs beveel om dames wat nie volgens die wil van die Hoofman van die Nasie aantrek nie, toegang te verbied. Sy ywerigheid is meesal teen vroue gemik. Baie mans dra moderne pakke klere, maar daar is nog nie teen hulle opgetree nie. - New African

Ons oorspronklike Vaalseun, FW de Klerk, is nie 'n man wat jy maklik op papier vaspen nie. Spotprenttekenaars sukkel om hom te teken. Verlede week het ons 'n klompie inskrywings vir ons Teken FW-kompetisie geplaas, en hier is nóg 'n paar. Daar is altesaam R600 te wen in die kompetisie, en enigeen mag deelneem. Ons wil graag die bydraes van studente aan universiteite en technikons sien. Die sluitingsdatum is eers op 1 April. Stuur inskrywings aan: Teken FW-kompetisie, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

# Vaalseun-kroonprins word by die dag mooier!






Bo: PW, hier kom FW! deur Peregrine Sebright. Regs:Is dit hoe die NP bo bly? deur Alastair Findlay

LOSPRAATJIES
Fanie Olivier



## Hulle hét dan 'n stukkie van die koek!

SOMS is ek daarvan oortuig dat die uitspeel van teenpole en die opstel van jukstaposisies 'n algemene menslike aktiwiteit is.

Dit is, sê ek myself die stryd aan, ingegee deur die feit dat daar nou eenmaal mans en vroue, lig en donker, en droogtes en oorstromings is. Dis universeel.

Maar terselfdertyd lyk die universele bra vaal wannneer dit met ons plaaslike vergelyk word. 'n Kennis van my oom se pa se weet nie wat nie, het die eerste keer die wysheid laat hoor as jy twee Afrikaners bymekaar het, het jy 'n politieke vergadering. As jy drie het, volg die Groot Trek!

Die dinge kom die afgelope week weer sterk na vore toe die damme begin oorloop en ek op 'n reëndag 'n hoop koerante nadersleep om my knipsels te maak. Want ek is nie 'n man wat lospraatjies maak nie - ek knip dinge vas aan knipsels.

Die eerste ding wat my opgeval het, was rondom bydraes tot fondse: Twee bedrae wat in dieselfde uitgawe van Beeld genoem is.

### Oop harte?

Die een is vir die baie bekende Kinderfonds van die koerant wat in sy gebruiklike vier maande "die mooi bedrag van R280 801 geïn het" (soos die dominee na die basaar sou sê.)

Die ander insameling is vir die stadsraad van Pretoria se fonds vir die slagoffers van die bloedbad by Strydomplein verlede November.

Hoe oop die harte van die mense in Pretoria werklik vir hul medemens is, blyk hier sommer duidelik. In die bykans drie maande waarin mense kon help is net sowat R350 by die Stadsraad inbetaal.

('n Sommetjie sal help: ses dood, 14 beseer - dus twintig mense direk geraak. Die mense van Pretoria het dus dit goed gedink om aan al die betrokke partye die bedrag van R18 te gee. En dan kla mense as ons veroordeel word dat ons heimlik saam met die Wit Wolwe huil?)


Slinkser koerantpolitiek in die opweeg van dinge lees ek in 'n ander uitgawe van hierdie koerant, na aanleiding van die opslae wat die tweede Carnegie-verslag gemaak het.


(Eers net dié pluimpie. Na die aanvanklike en maandelange histeriese vooroordeel teen die kommissie het Beeld inderdaad prominente én baie ruimte aan die gepubliseerde verslag afgestaan. Dit is iets wat natuurlik nie sonder latere aanvalle in die briewekolom gebeur het nie. Maar aan jou lesers, soos jou kinders, kan jy jou nie afvee nie.)

Die bedenklikheid het egter in die onmiddellike opvolgaksies gekom, toe die beeld van 'n alternatiewe welvarende swart gemeenskap ten alle koste bevorder moes word.

Of dit so beplan is of nie, weet ek nie. Maar op dieselfde dag toe die Godsdiens-aktueel-rubriek by monde van Prof Piet Meiring die Christelike gewete aanspreek oor die verskriklike ellende in ons land, verskyn 'n artikel op die teenoorstaande bladsy.

Alles wat die dominee kon bereik het, word nou ongedaan gemaak; die gewete gesalf: Met foto's en al word ons getroos: "Hulle het 'n stukkie van die koek."





Bo: FW, waar is jou kroon? deur Roger Titley. Links: Preller se siening van FW


# Vrye Weekblad

**Is jy die soort wat alles sluk wat vir jou gevoer word?**

Is jy tevrede dat ander mense namens jou besluit wat jy moet glo?

As jou antwoord "ja" is, moet jy asseblief nie die vorm hieronder invul nie. Dit sal jou baie ongelukkig maak om elke week Vrye Weekblad te lees.




Om seker te maak jy kry Vrye Weekblad elke week, stuur die vorm aan ons en ons gee jou sommer 15% afslag. Dit sal jou R52 (AVB ingesluit) kos om vir 'n jaar in te teken, en R28 (AVB ingesluit) vir ses maande. Stuur dit aan: Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

Ek wil graag vir 6/12 maande op Vrye Weekblad inteken en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir

R ........................................................

Naam: ....................................................

Adres: ...................................................

..............................................................

..............................................................

**ONS STEEK NIKS WEG NIE**

# Sal die ware Roelfie asseblief nou opstaan?




En daar blaas arme Roelf Meyer toe sy cover.

Dié jong adjunk-minister, wat al "dinamies", "pragmaties" en "verlig" genoem is, is toe self die klaer in twee hofsake ingevolge die Groepsgebiedewet.

Dieselfde man wat al in toesprake aan ontevredenes vertel het hoe die prys van eiendom in "grys" gebiede die hoogte inskiet, vra toe dat goeie burgers tot misdadigers verklaar word net omdat hulle in 'n sekere woongebied wou bly.

As die regering se verantwoordelike persoon wat betref die oorgang na grys gebiede, wat die nuwe era moet inlei waar daar sogenaamde vrye vestigingsgebiede gaan wees, skrik hy hom toe morsdood vir die ver-regse boewe se gekerm en hol polisie toe.

Is dit hoe jy verhoudinge in Suid-Afrika wil verbeter, Roelf? Ons hoor jy is so 'n ywerige ondersteuner van die "nuwe winde" wat FW deesdae glo laat waai - is dit in daardie gees wat jy optree? Is dit wat die "nuwe gees" in die NP-koukus regtig beteken?

Of is jy maar net nog 'n apartheidsdissipel? Is jou "verligtheid" maar net 'n hoedjie wat jy soms opsit en soms afhaal?

* As die mense waaroor jy gekla het, skuldig bevind word, hoop ons jy slaap baie sleg en kry maande lank nagmerries.



## 'n AWB-stigterslid?

In die naam van God en godsdiens is al baie wilde dinge gesê en gedoen. Militante Moslems se doodsdreigement teen die skrywer Salman Rushdie is een voorbeeld.

Maar 'n plaaslike voorbeeld van hoe politieke fanatici God vir hulself annekseer, kom uit 'n digbundel wat deur die AWB versprei word, 'n Handvol Verse deur Annatjie van Rensburg.

Hier is byvoorbeeld die laaste deel van "Die Uitgesoektes" (die "helper" waarna verwys word, is Eugene TerreBlanche):

Maar Boervolk, jou Gelofteland sal jy behou!
Hierdie duur gekoopte land,
met soveel rykdom in sy skoot.
Want God het self eens ons erfgrond afgebaken,
waar voorouerspore lê, op kronkelend marapad,
van kaffer-assegaai, na hellekamp van Brit!
En nou's dit weer sorteertyd vir die Hoër Hand
En ons, wat uitgesoek is,
Wéét ons kan God's helper maar vertrou.
Want toe hy lank gelede het
Vol geloof met sy AWB begin
Was God self 'n Stigterslid!
Uitverkore Christenvolk in donker Afrika!

## En wat van Jani?

Daar is 'n hele vers opgedra aan TerreBlanche, getiteld Ons Leier. Dis te vervelig om te herhaal, maar Brolloks kan die volk inlig dat Eugene geloof word met die vraag: "Was ooit 'n voorbeeldiger leidsman as jy?"

* Geen kommentaar. Volgende week sal Bittergal vertel wat die digteres van eerwaarde Allan Hendrickse dink.

## Ouboet oor Kleinboet


FW de Klerk sal iets moet doen aan sy geloofwaardigheid. Hy het met groot gebaar verklaar hoe hy en sy party nie 'n obsessie het met die groep-idee nie.

Maar hoor wat skryf ouboet Wimpie in Leadership daarvan: "The NP is too strongly wedded to race federation as its ideal state." En dan praat hy van FW se "dedication to the idea of racial groups".

* Maar Brolloks dink Wimpie sit sy vinger op die mees belowende deel van FW se komende termyn: "(His regime)... will probably move away from the securocrats, from the military preponderance, the arbitrary decisions and the dictatorial secretiveness."


## Uit hul geskribbel sal jy hulle ken...

Brolloks en Bittergal het die handtekeninge van die drie leiers van die nuwe Demokratiese Party aan Christelle, 'n bekende Fordsburgse handskrifontleder, gegee vir ontleding. (Ons het nooit vir haar gesê wie se handtekeninge dit is nie.) Hier is wat sy te sê het:




DR ZACH DE BEER

Zach de Beer: Dis die handtekening van 'n man wat lief is vir mag, en gewoond is om dit oor ander uit te oefen. Hy het 'n sterk persoonlikheid, maar daar is tog tekens van 'n onsekere identiteit.



DR DENIS WORRALL

Hy laat hom nie maklik ompraat nie - om die waarheid te sê, daar is aanduidinge dat hy rigied kan wees en nie 'n vreeslike demokratiese mens is nie. Hy kan selfs arrogant wees. Dit is ook duidelik die handtekening van 'n man wat nog nooit swaar gekry het nie. Moontlik sensitief oor sy lengte. Wie is dit wat die man so irriteer?



MR WYNAND MALAN

Wynand Malan: 'n Opregte, warm mens maar sy selfbeeld is dalk nie wat dit kon wees nie. Die soort mens wat graag gesels en dinge uitpraat. Hy is nogal vatbaar vir beïnvloeding en nie al sy idees is sy eie nie. Ly soms aan wollerige denke. 'n Sensitiewe, intelligente mens wat nie baie gelukkig is met sy beroep nie (dit lyk of hy 'n sendeling kan wees), al dink hy so. Lief vir goudvissies en groot motors.

Denis Worrall: Hierdie handtekening getuig van hoë ambisie en uiterste pragmatisme. Dié man het beslis geen probleem met 'n minderwaardigheidskompleks nie - inteendeel. Hy is duidelik 'n gesofistikeerde en baie hoflike man, hoewel hy soms erg agterdogtig kan wees.

Hy is nie lief vir goudvissies nie, maar hou van groot, aggressiewe honde en mooi vroue. Dit is moeilik om uit te maak in watter soort beroep hy hom bevind - is dit dalk die motorhandel? - maar hy is duidelik heeltemal in sy element.

* Brolloks vra toe vir Christelle wat sy dink van die drie here se potensiaal as politieke leier. Haar antwoord was (verbatim): "!%$#&*?#$!*?%$!"

## 'n Kaartjie van Sol

Jimmy Abbott kry 'n pragtige Kerskaartjie van iemand, maar dis nie onderteken nie. Hy vat dit toe na Mike toe en vra of hy nie vir hom kan verklaar waar dié mooie kaartjie dan vandaan kom nie.

Mike het so gekyk en toe gesê: "Dis mos maklik, dit kom van Sol Kerzner af." "Hoe weet jy dit," vra Jimmy verbaas. "Hier staan dit dan onderaan," sê Mike: "Gods rykste seën."

# Almal stoei om die parson's nose!

VRINDE, Miesies Klaagvoort neuk nou al dae lank met my. Dis hierdie drie-in-die-bed moordsaak wat haar so op hol het, sien. En dit het nou vir Egbertus ook aan 't wonder: Hoe werk so 'n gedoente nou eintlik? Wie kry wat?

Dis darem nes die bakleiery om die eettafel Sondae wanneer daar 'n hoenderfjie voorgesit word: almal stoei om die parson's nose. Dit lyk vir my asof drie-in-die-bed ook die kinky nuwigheidjie van die Skoon Administrasie geword het, en die stoeiery is niks meer betaamlik as die Krebs-kaskenades nie.


Daar lê die ou spul, deurmekaargevleg soos 'n reuse worstelende koeksister, Volksheld, Waarnemende Volksheld en Madam de Klerk se man. Dis 'n gebeur en 'n gesteun en 'n gehap en 'n geblaas, terwyl die ganse land toekyk en die Skoon Administrasie stilstaan.

Wie kry die parson's nose? Ek sou sê Liewe Heunis is uit die wedloop, hoewel hy natuurlik op die oomblik die magtigste man in die land buite die tronk is. Maar kortstondig, soos die roos.

Madam de Klerk se man, daardie vaal kêrel iewers uit die Noorde, is die magtigste man in die Nasionale Party. Dáár is hy viriel, soos Errol Flynn, maar wanneer dit by landsake kom, is die stomme siel uitgewoed en impotent.

En wie is dit wat oor alles loer? Skoppensboer Botha, Volksheld. Hy hou al die kaarte, trek al die toutjies, en grynslag ongetwyfeld oor die onbeholpe geskarrel van sy ampsbroers.

Seg die Volksheld: "Ek het 'n magsbasis onder alle goeie Suid-Afrikaners." Dis nou vir jou 'n spectacular overstatement. Daar is darem seker 'n paar Suid-Afrikaners wat ons remote ruler steun, maar dit maak hulle nie goedsmoeds goeie Suid-Afrikaners nie, of hoe?




Egbertus Klaagvoort

## Skoothond byt nou sy baas

Die Burger onderskei hom nog steeds as 'n blad met 'n identiteitskrisis en 'n eye for the gap, al kom dit ook neer op siniese opportunisme.

Jare en jare lank is hy die papegaai van die Party, die Volksheld se skoothondjie wat nie 'n skewe blaffie sal kwytraak nie, maak nie saak hoe buitensporig sy meester optree nie. En noudat die politieke stroom die Volksheld agtergelaat het, swaai die skoothond om en byt sy baas.

Dit wil darem gedoen wees, want dit is beslis nie benede die Volksheld om sy eie hond se kop af te byt nie. Sou dit nie alte sappig wees as Stoffall opdrag kry om die Burger 'n bietjie stil te maak nie?

Hierdie vreeslose en objektiewe dagblad vergryp hom darem lelik wanneer hy met enigiets te doen het wat net 'n millimeter links van Mussolini staan.

'n Dekaan van 'n regsfakulteit roep 'n soort "staking" in sy fakulteit uit; hy beskuldig 'n dosent van "insubordinasie" wanneer dié met sy normale doseerpligte voortgaan; hy woon vergaderings by vergesel van 'n gewapende lyfwag en oorhandig dan glo die rekening aan sy universiteit.

Hierdie verspottighede is seker nuuswaardig as die aapstreke van 'n alternatiewe akademikus, maar Die Burger het dié sotterny verhef tot 'n soort burgeroorlog wat 'n daaglikse bulletin verdien.

Saam met die Arbeidersparty en die deeltydse AWB-mondstuk Sunday Times raak hy skoon oorhoops in sy ywer om dekaan Daan Janse van Rensburg te steun in sy eis dat die universiteit van Wes-Kaapland se bestuur aan ondersoek deur 'n regeringskommissie of iets dergeliks onderwerp moet word. Dit was verlede jaar.

Nou, verneem Egbertus, het die dekaan dramaties bedank met 'n brief waarin hy weier om 'n opdrag van sy rektor in verband met sekere doseerpligte uit te voer.

Net die ammunisie wat onse Burger nodig gehad het om sy nydveldtog teen die UWK te hervat.

Gou tot sy ondersteuning was weer ... die Arbeidersparty en die Sunday Times.

Praat van spanwerk.

Dit laat selfs hier in die Noorde 'n wrang smaak agter. Hoe rym dit dan?

'n Lawwe dekaan
leef in dié waan:
"Ek's niemand se onderdaan!"
Maar daar's 'n staalwerwel
in die rug van Jakes Gerwel
en nou's Dekaan Daan na die maan.
Die Burger staan by
om gelekte stories te kry
en kraai saam met Daan soos 'n haan.

## Majesteit nou spyt

'n Flou stemmetjie kom uit die wildernis by ons aangesweef. Is dit Aladdin wat raad kry van sy lamp? Is dit die bekommerde gefluister van hogere siele oor die volgende reeks Harms-alarms? Nee dierbares, dis 'n boodskappie van ons jongste leier-in-exile. Tambo?

Askies nee, ek praat van die vergete Volksheld. Hy meen glo dat getuienis voor onse kommissies "eerbare mense" aftakel. Aja-a, die oompie is mos reg: Eerbares soos sy edele A Ragsbansjo, Albert Vermaas, Sol-aan-die-hol, De Pontes. Eerbaar soos die Mafia-maatjie van die Skoon Administrasie. Raak Sy Majesteit dan nou spyt dat hy die kommissies aangestel het?

# Wire kan nou begin ontspan

**George Pearl**

ERNEST "WIRE" CHIRWALI kan nou ontspan en sy ding begin doen.

Almal wat gaan kyk het hoe die meesterlike Malawiese middelvelder - teen R120 000 die duurste speler in Suid-Afrikaanse sokkergeskiedenis - in sy eerste wedstryd vir Sundowns vertoon, sou wou hê dat hy iets dramaties op sy debuut doen.

'n Donderskoot van dertig meter in die tweede helfte, wat 'n laag verf van Arcadia se linkerdoelpaal afgeskraap het, was die naaste wat hy daaraan kon kom.

Hy het sy wedstryd met akkurate ondersoekende balle begin, maar later begin verbrou met sy roekeloosheid. Die wedstryd het 0-0 geëindig.

Tog het hy meer as genoeg behendigheid gewys om Sundowns se nuwe eienaars, Abe en Gerald Krok, te oortuig dat die tjek wat hulle aan Magic Curl Celtic oorhandig het vir verlede jaar se Spelers van die Jaar, nie gemors is nie.

Al is dit net oor die massakoor van aanmoediging en fluite wat losgebars het op die paviljoen elke keer wanneer hy aan die bal geraak het.

Dit word genoem stergehalte.

Maar die wedstryd teen Arcadia het ons daaraan herinner dat Sundowns sterre gehad het voordat Chirwali hom tot hul geledere gevoeg het.

Een van die beste spelers op die veld was die jong middelvelder, Rabbi Moripe, wat verlede jaar meer van 'n skakelrol gespeel het.

Moripe het 1989 met 'n groot dosis selfvertroue afgeskop, en het dit Saterdag met baie parmantigheid en styl - èn behendigheid - bewys, wat hom 'n groot gunsteling by die skare gaan maak.

In die doelhok was Mark Anderson puik op dreef, en het in die eerste helfte op briljante wyse 'n poging van Noel Cousins gekeer, en dwarsskop na gevaarlike dwarsskop die bal voor die lenige Arcadia-aanvallers weggeraap.

In die tweede helfte het Harris Chueu, wat om een of ander vreemde rede die grootste gedeelte van die wedstryd op die kantlyn moes sit, gate in die Arcadia-verdediging geskeur met sy blitssnelheid. Hy kon met 'n doel bekroon word na 'n uitstekende beweging van Andries Chitja hom 'n kans gegee het. Hy het ongelukkig die bal bo-oor die doelhok geskop.

Chirwali is oorskadu deur hierdie drie, maar hy gee nie om nie.

Met sy eerste week by Sundowns nou agter die rug, het hy kans om ordentlik saam te smelt met die Brasiliane, 'n span wat hy sê hy verheug is om deel van te wees.

Sundown se ander nuweling, Chirwali se jong neef, Cedric Nakhumwa, het 'n aanvaarbare debuut as Chitja se doelskietvennoot gemaak.

In die eerste helfte het hy balle gewen by verdedigers twee keer sy grootte, goed met die bal gehardloop en gelyk asof hy dáár was. In die tweede helfte het hy skaars die bal geruik. Hy het tog die potensiaal om 'n hengse goeie speler te word.

Daar was baie Sundowns-ondersteuners Saterdag op Bereapark, en hulle het heel gelukkig gelyk met hul span se nuwe identiteit.

Die naamverandering, van Mamelodi na Double Action Sundowns - vernoem na 'n velroom wat die nuwe eienaars vervaardig - mag dalk nie in almal se smaak val nie.

Maar Abe Krok het hom vinnig as 'n persoonlikheid op die sokkertoneel gevestig - die feit dat daar al klaar grappe gemaak word oor hoe kort hy is en hoe vet sy tjekboek is, is positiewe tekens.

As 'n Sundowns-ondersteuner bekkig word en hy 'n oorveeg kort, sê die mense: "Moer hom. Krok sal betaal."

* Hierdie naweek, draf Arcadia en Sundowns weer uit in die beste van die Castle-ligawedstryde. Arcadia meet kragte met Jomo Midas Cosmos op Bereapark, terwyl Sundowns op die Super Stadion met 'n kliphardе Hellenic-span te doen kry.



Ernest Chirwali van Sundowns

*Foto: Weekly Mail*

# Howabeker: die uitslag is bloot akademies

**Dennis Morris**

WAT beloof het om 'n grand finale vir die Howabeker-kompetisie te wees, het sy aantrekkingskrag verloor as gevolg van Transvaal se onlangse swak vertoning teen Oostelike Provinsie.

As Transvaal, wat net vyf punte agter die kampioenspan Westelike Provinsie was, die wedstryd gewen het, sou hulle in 'n formidabele posisie gewees het om WP te onttroon.

Helaas, dit was nie vir hulle beskore nie en hulle moes maar sit en tob oor wat kon gewees het...

Transvaal speel van Saterdag af in Lenasia gasheer in 'n driedaagse wedstryd teen WP. Die besoekers, wat nou 18 punte voor is, het al klaar die gesogte Howabeker vir die derde agtereenvolgende seisoen gewen en vat maklik die titel as die Suid-Afrikaanse Krieketraad se mees suksesvolle en standvastige lid.

Teoreties kan Transvaal nog 'n ernstige uitdaging bied vir nie-rassige krieket se top-prys... maar dit sal 'n magtige poging kos en beteken dat WP nie een bonuspunt moet kry nie.

Dit lyk nie moontlik nie, en die uitslag van die wedstryd sal van blote akademiese belang wees. Vir Transvaal is nie veel meer as trots op die spel nie, want 'n oorwinning sal aan hulle die bevrediging verskaf dat hulle die kampioene geklop het. Maar dit is natuurlik geen vergoeding daarvoor dat hulle nie daarin kon slaag om vanjaar die Howabeker in te palm nie.



Faiek Davids van die WP

*Foto: Sportlink*

Die kampioene het hul veteraan-openingskolwer Rashaad Masson teruggeroep vir dié wedstryd. Masson, een van die min spelers wat in die vroeë tagtigerjare 'n honderdtal kon aanteken in die Howabeker-kompetisie, is 'n pynlik stadige en beperkte kolwer in die tradisie van Terence Lazard, wat die beurt vir die WP se Curriebeker-elftal open.

Sy insluiting is skynbaar daarop gemik om vas te staan terwyl sy kollegas lopies aanteken. Dié tegniek het al in die verlede gewerk en daar is geen rede waarom dit nie weer kan slaag nie, tensy Masson natuurlik nie daarin slaag om aan die gang te kom nie.

Die wedstryd sal aan die WP se jong leeus, Deon Kemp en Faiek Davids, die ideale geleentheid bied om aan Transvaal-ondersteuners te wys waarom hulle die kolftoneel vir 'n ses geslaan het.

Hulle is die twee beste kolwers, ten minste wat vorm betref, in die kompetisie en die Transvaalse boulers gaan rondgeslaan word as dié twee reg ingestel is vir die wedstryd.

Clinton Dyason, Yunis Thomas, paaltjiewagter Randall Cupido en Mark Rasmus weet almal hoe om die wilgerlat te gebruik en sal steeds die staatmakers wees as Davids en Kemp nie aan die verwagtinge voldoen nie.

Die WP-aanval is verswak toe kaptein Vincent Barnes halfpad deur die seisoen die provinsiale arena verlaat het, maar sy skokbesluit het die kampioene gehelp om 'n ware juweel in die gedaante van Charles Hendricks te ontdek.

Die veelsydige Stellenbosser is 'n onbekende faktor vir Transvaal, en dit sal geen verrassing wees as hy huis toe kom met 'n paar paaltjies in die agtersak nie.

Die "ingevoerde" Transvaler Mansoor Abdullah, voorheen 'n belangrike rat in die WP-masjien, het tot dusver nog nie dieselfde hoogtes bereik nie. Hy moet een of ander tyd weer sy staal wys met die kolf, en dit kan dalk net teen sy ou spanmaats gebeur.

Maar nie eers Abdullah op sy beste sal die WP kan keer nie.

# Is Ali Bacher Oom Bull Hefer in 'drag'?



LAPPE LAUBSCHER op die skoonveld

TOE verwar die SAUK-TV verlede Saterdag vir Ali Bacher met wyle Bull Hefer.

En soos gewoonlik was dit die arme kykers, wat getrou (en nie so getrou?) hul televisie-lisensies betaal, wat die spit moes afbyt. As 'n man egter die verhaal van Bull Hefer ken, kan jy die SAUK so ligte mistakie verstaan en vergewe. Vir die jonger geslag wat Oom Bull nie geken het nie, was dit net 'n Babelse verwarring.

Oom Bull Hefer was vir baie jare Suid-Afrika se Meneer Beroepstoei. Na die Tweede Wêreldoorlog was Suid-Afrika honger om 'n opvolger vir Johannes van der Walt te kry. (Johannes se storie vertel ek 'n anderdag.)

Manne soos Willie Liebenberg, Percy Hall (of dan Mnr X), Manie Maritz en later Jan Wilkens is deur Oom Bull teen karakters soos Ski Hi Lee, Ali die Bose Turk en die Wilde Bul van Pampas in die kryt gegooi.

Oom Bull het nie gewag dat koerante vir hom publisiteit gee nie. Hy het dit self kom opeis. Met sy bril so opgeskuif op sy voorkop het hy menige koerantkantoor binnegestorm, self agter die tikmasjien ingeskuif en self sy storie getik.

Elke geveg was òf om die wêreldtitel òf 'n uitdungeveg om die wêreldtitel. Vir die onskuldige verslaggewer wat aan oom Bull sou vra "watter wêreldtitel?" was oom Bull altyd reg met "die Kanadese wêreldtitel". En hy het "die Kanadese wêreldtitel" so oortuigend gesê dat niemand gewaag het om verdere vrae te vra nie.

Wat lekker was van Oom Bull se gevegte, was dat almal geëindig het met ons man wat gewen het. Maar Onse Man het nooit sommer so gewen nie. Die gevegte was almal "die beste uit drie" en dan het "Ons Man" altyd 2-1 gewen.

Elkeen van die Bose Turke en Wilde Bulle wat Oom Bull hier aangebring het, het 'n geheime wapen gehad, en Onse Man het hom dan gewoonlik vroeg in die geveg vasgeloop in die geheime greep waarmee die Bose Turk al menige teenstander bokveld toe gestuur het.

In die volgende ronde het Onse Man dan half bedwelm uit sy hoek gekom en onder groot opwinding die Bose Turk gewys waar Dawid die wortels begrawe het. Soveel manemoed en vaderlandsliefde is selde daarna gesien.

Met die telling gelyk was dit, soos Dirk Kamfer so graag gesê het, bul teen bul. En dan was dit "ons" bul wat die ander bul bestorm het met volstruisskoppe en Kalahari-kappe en wingerdstokkinkels totdat "ons" bul die ander man tot pappery geskop en geslaan en gekinkel het.

Elke geveg het so verloop en elke geveg het ons geweet gaan so verloop. Een nul vir die ander ou. Dan een elk en dan die hoogtepunt as ons man wen.

Toe die Nissanskildeindtryd begin met 'n onverwagse oorwinning vir die Westelike Provinsie, het die SAUK natuurlik aan Oom Bull gedink. Hulle het so gereken. As die vyand nou die eerste val aanteken, dan moet "ons" man die tweede val kry.

Dan sou dit bul teen bul wees.

Ook gereken dat Ali (nou "ons" Ali en nie die Bose Turk nie) nie dom is met geld nie en aangesien drie hekopbrengste altyd meer is as twee, sou "ons" Ali tog seker so gereël het dat Transvaal die tweede val aanteken.

Ali is toe nie Oom Bull nie en daar kom klein Kuiper en befoeter alles.

Die arme kyker moet toe kyk hoe Engeland (wat ons destyds "Annerland" genoem het) 'n historiese sege op die rugbyveld behaal, terwyl ons eie manne die Nissanskild teen Gerhard Burger se Visvoete verloor.

Hoe die manne in die Toring op die Bult toe gedag het, weet ek nie, maar hoekom hulle toe die uitslag oor die nuus gegee het en daarna so twee filmstukkies vir ons gewys het, sal net hulle weet.

Noudat Koedoe nie meer daar is om die skuld vir alles te kry nie, weet ek tog nie wie om voor kwaad te wees nie.

Al wat ek weet, is dat dit maar 'n taamlik amateuragtige stukkie werk van die manne in die toring was.

Voor ek vergeet, daar was Transvalers wat Kuiper se manne se dinge geniet het.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

SPORT

Vrye Weekblad

Die Howabeker is klaar in die Kaap - 15

Wie is Sacos? - 14

# Troefkaart in die OP draaiboulers se hande

Chris van Vuuren

DIE Nissanskild het reeds by die agterdeur uitgevlieg, en nou sal Transvaal vinnig die deure en vensters moet toemaak om te verseker dat die Curriebeker nie dieselfde paadjie volg nie.

Hierdie naweek is dit maak of breek vir Clive Rice se sogenaamde krieketmasjien, wat deesdae klink soos 'n ou afgeleefde Ford op 'n wintersoggend, wanneer hulle die Oostelike Provinsie om Suid-Afrika se mees gesogte krieketkroon op St Georges Park in Port Elizabeth die stryd aansê.


Die Westelike Provinsie het die afgelope twee naweke Transvaal se kwesbaarheid blootgelê, en gewys dat Rice se manne ook maar voete van klei het.

OP onder die bekwame leiding van hul uitgeslape kaptein Kepler Wessels sal Transvaal se wankelrige situasie wil uitbuit.

Die Oos-Kapenaars weet maar al te goed dat Transvaal die vermoë het om van die planke af op te staan en self 'n uitklophou te plant. Vyf dae se krieket is ook 'n geheel en al ander storie.

In hierdie situasie het Transvaal die voordeel. Die OP speel in sy eerste Curriebeker-finaal terwyl dit vir die meeste Transvalers 'n alledaagse ervaring is.

'n Groot verantwoordelikheid sal dus op Wessels se skouers rus om sy span bymekaar te hou. Hy sal al sy ervaring van toetskrieket vir Australië moet inspan om te verseker dat OP in sy eeufeesjaar 'n tuiste aan die Curriebeker kan bied.



Jimmy Cook van Transvaal op pad na nog 'n lopie

Die sleutel tot sukses in die finaal sal daarin lê om 'n groot eerste-beurttelling daar te stel. Beide spanne het 'n besondere sterk top-orde wat die fondament vir 'n reuse telling kan lê.

Mark Rushmere, Phillip Amm, Wessels, Kenny McEwan, Dave Callaghan en Dave Richardson sal die kolfkampie moet beset vir so lank as moontlik.

Transvaal se kolwers sal ook 'n spanpoging moet lewer en nie bloot op Jimmy Cook en Henry Fotheringham staatmaak nie.

Roy Pienaar, Kevin Rule, Rice en Mark Venter se kolwe sal breed tussen die OP en 'n oorwinning moet staan.

Die uitslag van die stryd kan egter op die ou einde by die draaiboulers rus. Die St Georges kolfblad is bekend dat hy die draaiers bevoordeel en berug vir sy oneweredige wip wat kolfwerk kan bemoeilik.

Tim Shaw en Larry Hobson is draaiers wat die kuns vervolmaak het om kolwers in 'n web te weef. Transvaal se probleem is sy gebrek aan draaiers wat dieselfde kan doen. Dit is in hierdie afdeling waar Transvaal aan die kortste ent kan trek.

Met die wêreld se oë op St Georges gerig, en al die SA Krieket Unie se gäste daar om die skouspel gade te slaan, sal hierdie twee puik spanne nie alleen veg om die krieketkroon van SA nie, maar sal hul spel ook as advertensie vir ons plaaslike krieket dien.

# Leerlinge wys polisie-aanbod van hand

Dennis Morris

ELF busse, volgepak met leerlinge van vier swart Kaapse hoërskole op pad na 'n alternatiewe atletiekbyeenkoms, is net buite Guguletu gestop deur maj Dolf Odendaal, 'n senior polisie-offisier verbonde aan die Skiereilandse Onluste-eenheid.

Leerlinge van die ID Mkize, Fezeka, Crossroads No 3 en Sizamile hoërskole het 'n nie-rassige atletiekbyeenkoms gereël deur bemiddeling van die Gesamentlike Studenteraad waarby die meeste van die studenterade van Kaapse swart hoërskole geaffilieer is.

Die South African Tertiary Sports Council (Satisco) het hulle gehelp om die byeenkoms, wat op die Universiteit van Kaapstad se sportgronde gehou sou word, te organiseer.

'n Polisie-woordvoerder in Pretoria het gesê die polisie is ingeroep om die byeenkoms uiteen te jaag.

Die PFP-woordvoerder vir swart onderwys, Ken Andrew, het by Fezeka, vanwaar die busse sou vertrek, aangekom en gesê hy het gehoor dat maj Odendaal aan die leerlinge gesê het hulle mag nêrens heen gaan sonder die toestemming van die Departement van Onderwys en Opleiding (DOO) nie.

Die leerlinge het gesê die polisie het hulle aangebied om hulle te begelei na sportgronde in Guguletu, maar hulle het die aanbod van die hand gewys omdat die terrein te klein was en hulle reeds die UK-sportgronde bespreek het.

Die leerlinge beweer sport wat deur die DOO aangebied word, geskied op 'n rasse-grondslag.

Leon Nel, assistent-direkteur van die DOO in Kaapstad, het gesê Maandag se atletiekbyeenkoms in die Groenpuntstadium, wat deur die Sekondêre Skole Sportraad aangebied is, was 'n sukses en is deur ses swart hoërskole bygewoon.

Die byeenkoms sou Woensdag voortgesit word, maar vier skole het nie opgedaag nie aangesien "die studenterade skynbaar besluit het om die dag af te vat vir hul eie sportbyeenkoms.

"Ons het die polisie gevra om op hul hoede te wees ... ons wou nie gehad het dat leerlinge geïntimideer word nie," het hy gesê.

# John Robbie brul nou in '702-land'

Charles Leonard

DIE onafhanklike radiostasie, Radio 702, het 'n Leeu in hul geledere. En dit op heeltydse grondslag daarby.

John Robbie, die gewilde Transvaal-skrumskakel, is onlangs aangestel as die sportredakteur by "702-land".

Hy het Suid-Afrika die eerste keer in 1980 as lid van Billy Beaumont se Britse Leeus besoek. Die daaropvolgende jaar was hy weer hier saam met Fergus Slattery se Ierse toerspan, waarná hy hom in Suid-Afrika gevestig het.

Gereelde luisteraars sal weet dat die klein mannetjie met die groot sin vir humor nie bang is vir polemiek nie.

"Apartheid is moreel korrup en dit maak die politieke situasie onuithoudbaar," sê Robbie. "Dit staan tussen Suid-Afrikaanse rugby en sy hertoelating tot die internasionale arena."

Die argument in rugby is of jy rugbyspelers en -administrateurs, wat binne die beperkings van die wet moet optree en wie se kant skoon is, aanspreeklik moet hou vir hul voorgangers se sondes, sê Robbie.

"Ek is heeltemal ten gunste van wat Danie Craven en Louis Luyt doen deur met die ANC te praat. Dit was 'n baie dapper stap om te neem.

"Dalk moet sportmense besluit om op te offer en te sê ons kan sonder internasionale sport sit totdat dinge hier uitgesorteer is.

"Ek hoop Suid-Afrikaners kan self hul probleme oplos. Wanneer dit gebeur sal die wêreld hul met ope arms terug ontvang."

Hierdie produk van die wêreld se tweede oudste rugbyklub, Trinity Universiteit in Dublin, is onseker oor sy provinsiale rugbyloopbaan.

"Ek is omtrent 90 persent seker dat ek nie weer vanjaar gaan uitdraf nie. Wanneer ek sê ek is klaar, dan wil ek dit bedoel en nie na twee maande skaapagtig my terugkeer maak nie."

"Laat ek eerder sien of die 'onttrekkingsimptome' nie te erg is nie en dan besluit. Ek moet byvoeg dat ek fiks bly."

Sy werk by 702 hou hom ook goed besig en hy wil dit ordentlik en voluit doen.

Hy het talle hoogtepunte in sy rugbyloopbaan gehad, met sy debuut as skrumskakel vir die Iere in 1976 op die ouderdom van 20, beslis een van hulle. Transvaalrugby was ook vir hom 'n hoogtepunt.

Maar dan was daar ook laagtepunte. Sy weglating uit die Transvaal-span verlede jaar was een.

Na drie jaar van baie vertroue in die provinsie se rugby het iets verkeerd gegaan. "'n Klomp spelers is vervang deur spelers wat minder goed was, en ek benadruk dit dat ek nie net oor myself praat nie. Ek dink dit is die ergste manier om 'n span se vertroue te ondermyn.

"Jy kan almal om die bos lei, die keurders en die publiek, maar jy kan nie die spelers vir die gek hou nie. Ek is bly dat Transvaal vanjaar 'n groot poging aanwend om weer goeie rugby te speel. My hart is nog steeds rooibont."

As 'n rugbyman glo Robbie dat die Springbokke se standaard nog steeds van so 'n aard is dat hulle kan kers vashou in internasionale rugby.

# Hepburn bewys homself in sy 'Animal Too'

Len Wagenaar

DIE Animal is dood! Lank lewe die Animal!

Dit is wat 'n mens kan sê van Willie Hepburn se nuwe Opel Rekord V8 na Saterdag se renne op die Goudveld-renbaan buite Welkom.

In die motor - wat sommer dadelik "Animal Too" gedoop is na Hepburn sy ander Animal, die Ford Sierra XR8, aan die Suidwester Jurgen Bentheim verkoop het, het hy albei renuitdunne in die WesBankren vir veranderde sedanmotors ingepalm.

Saam met Tony Viana in sy BMW 325i met 'n M5-enjin en Ben Morgenrood in sy Mazda RX7 het hy vir groot opwinding gesorg. Nooit was die drie vir 'n paar motorlengtes uitmekaar nie.

In die eerste uitdun was Hepburn naelskraap eerste met Viana tweede en Morgenrood derde. In die tweede uitdun was dit Morgenrood wat Viana net-net om die tweede plek geklop het.

Die drietal het vergoed vir die afwesigheid van Hennie van der Linde in sy Nissan 300ZX en Sarel van der Merwe in die Audi Quatro Turbo Sport.

Van der Linde se motor se enjin het Vrydag vasgebrand en Supervan en Audi kan maar net nie hul probleem met die AA-motorsportbeheer uitgestryk kry nie.

Die Audi is onttrek na probleme met die wettigheid daarvan... en wees verseker dat Sarel ook 'n rol te speel gehad het in die onttrekking!

Met die Opel Rekord wat gewys het hy is mededingend en die supermotors van Ian Scheckter en Hannes Grobler binne die afsienbare toekoms gereed, wag daar groot opwinding op 1 April op Kyalami.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) BPK van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

# VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad,10 Maart 1989

## Voëlvry-koors loop hoog

Die program vir die GBB, Bernoldus en André Letoit se pelgrimstog om "Alternatiewe" Afrikaanse musiek aan die platteland te gaan voorstel is opgestel en die komposisies is gereed - 2







Foto: Andrea Vinassa

Pieter-Dirk Uys se heimwee in die buiteland - 4

UB 40 in Gaberone: 'n gids om lewendig daarin en -uit te kom - 3

Moderne fortuinvertellers: "hype" uit, "wetenskap" in - 9

Dustin Hoffman skitter as idioot in Rain Man - 5



Die Triennale in Johannesburg: Kathy Berman kyk na die omstredenhede - 7

Links: Bonita Alice se inskrywing

Uitstekende wyn kry alwéér nie superieur-toekenning - 8

# Die Boere ruk op!




Die stilte voor die storm. Kerkorrel en die GBB maak gereed om te Ry

ALLE planne vir die landwye Voëlvry/Vrye Weekblad-toer is nou afgerond en die toerprogram is voltooi.

Behalwe vir die nou reeds ongelooflik bekende Gereformeerde Blues Band met Johannes Kerkorrel aan die spits, sal die ewe bekende dog enigmatiese Bernoldus Niemand en Die Swart Gevaar asook die selferkende Afrikaffer, André le Toit, die ekskursie op soek na waarheid meemaak. Die toer val saam met die uitreiking van die GBB se nuwe LP: Eet Kreef.

Dit is die eerste keer dat die platteland regstreeks blootgestel sal word aan die sogenaamde "Alternatiewe" Afrikaanse musiek. Die program lyk so:

Dinsdag 4 April: Afskop by die Warehouse, Markteater Johannesburg. Dit val saam met die uitreiking van die GBB-langspeler Eet Kreef.

Vrydag 7 April: Wits Students Union

Woensdag 12 April: D-Lab - RAU

Donderdag 13 April: Vaaldriehoek Technikon - Vereeniging.

Vrydag 14 April: Maskerteater, Universiteit van Pretoria.

Saterdag 15 April: Potchefstroom

Vrydag 21 April: Voortrekker Hoërskoolsaal, Bethlehem.

Saterdag 22 April: Welkom

Vrydag 28 April: Bloemfontein.

Saterdag 29 April: Alan Rautenbachsaal, Kroonstad.

Woensdag 10 Mei: Universiteit van Wes-Kaapland, Kaapstad.

Vrydag 12 Mei: Universiteit van Stellenbosch.

Saterdag 13 Mei: Three Arts-teater, Kaapstad.

Woensdag 17 Mei: Knysna/ George

Vrydag 19 Mei: Port Elizabeth.

Saterdag 20 Mei: Stadsaal Grahamstad.

Vrydag 26 Mei: Metodiste-kerksaal, Durban.

Saterdag 27 Mei: Students Union Hall, Pietermaritzburg.


Vrydag 2 Junie: Windhoek-teater, Windhoek.

Saterdag 3 Junie: Windhoek-teater Windhoek.

---

**HAAKVAS!** **CHARLES LEONARD**

# Marc trippel kollig binne as hoëpriester van kamp



Marc Almond

* Plate word beoordeel op 'n skaal van een tot tien.

**TAKING IT HOME - BUCKWHEAT ZYDECO (ISLAND RECORDS IMPORT) (8)**

OP die Graceland-langspeler sing Paul Simon: Catch a little bit of those Cajun girls/ Dancing to Zydeco.

As daar 'n sterker woord vir dans was, sou hy dit waarskynlik gebruik het, want Zydeco is die uitbundigste jeukvoet-musiek denkbaar en hier is die plaat.

Stanley "Buckwheat" Dural en die Ils Sont Partis Band, wat saam Buckwheat Zydeco vorm, se trekklavierboogie is van die varsste musiek tans beskikbaar.

Dural se hupse trekklavier is prominent op al die snitte en kombineer wonderlik op Why does love have to be so sad? met ghitaarkoning Eric Clapton op dié Derek and the Dominoes-treffer.

Hierdie Cajun soul/rhythm and blues is van die soort wat jou rêrig laat goed voel. En het mens dit nie nodig nie!

**THE STARS WE ARE - MARC ALMOND (EMI) (7)**

DIE hoëpriester van kamp, Marc Almond, trippel die kollig binne met 'n heerlike plaat wat jou beter as 'n goeie soapie laat voel. En al gebeur dit 'n paar keer amper, val hy nooit van sy stiletto's af op The Stars We Are nie.

Die musiek is melodramaties, die produksie is oordadig in die strelende sin van die woord, en die lirieke het nog genoeg sleaze, passie - van die soort wat Sondagkoerante verkoop - en romantiek om te bevredig.

Die hoogtepunt is ongetwyfeld die treffer Tears Run Rings wat uitstekende popmusiek is. Nogal 'n rariteit nou se dae.

Die titels vertel alles van die plaat se atmosfeer: Bitter Sweet, Somethings Gotten Hold Of My Heart (die ou Gene Pitney-treffer), The Very Last Pearl en Your Kisses Burn, waarop die voormalige Velvet Underground-sangeres, Nico, uitgehelp het met die vokale kort voor haar dood.

Die begeleiding wemel van klaviere, troumarsorrels, oorvloedige strykers, getrompte trombone en dramatiese ritme en tempoveranderings.

En net een juweeltjie uit die lirieke: Call me romantic/ Call me Deluded/ I'll give you the most magical thing in the world/ I'll give you the very last pearl.

Dit klink miskien alles baie oordadig en oordoen, maar die verskil tussen Almond en iemand soos Marilyn met sy rooi tuitlippies, is dat Almond dit met styl doen en daarom wegkom daarmee.

**TOP OF THE POPS 2 - VERSKEIE KUNSTENAARS (GALLO) (5)**

OP hierdie plaat is daar die B's en die b's.

Eersgenoemde groep is Bon Jovi, Black en Big Country met hooflettermusiek.

Die ander is Bros en die Bangles met klein, kleinlettermusiek.

In die geheel beskou is Top of the Pops 2 werklik wat die naam sê.

As jy hou van die goed wat 50 maal 'n dag op die radio gespeel word, is hierdie die plaat vir jou. Op die koop toe kry jy gelukkig darem gehalte-pop ook in die proses.


Shifty Records

*Maak dadelik gebruik van ons sukkel-vrye posbestel-stelsel — g'n parkeer-probleme — g'n inaseming van giftige gasse — g'n ongepoetste kassiere — stuur net die vorm en die geld om die beste in ware Suid-Afrikaanse musiek teen redelike pryse te kry. 'n Volledige katalogus is beskikbaar. Alle pryse sluit posgeld en verpakking in.*





THE KÊRELS EK SÊ
R18 SLEGS PLAAT




MR MAC & THE GENUINES
R18 PLAAT & KASSET



VOËLVRY
R18 PLAAT & KASSET



TANANAS
R18 PLAAT & KASSET

LOW BUDGIE Cassettes




DIE LOW-BUDGIE KASSET-REEKS — TOP KWALITEIT KASSETTE IN 'N BESPARINGSVERPAKKING — 'N KEUSE UIT HAPPY SHIPS / SOFTIES / CHERRY-FACED LURCHERS / KOOS / ISJA / WASAMATA / ABSTRACTIONS / CORPORAL PUNISHMENT / FORCES FAVOURITES & A NAARTJIE IN OUR SOSATIE VIR 'N SKRALE R10 ELK.

Shifty Records Bestelvorm VW

Naam ..........

Adres ..........

.......... Kode ..........

Telefoon ..........

Pos aan: Posbus 27513 Bertsham 2013

Stuur asb die volgende:

1 ..........

2 ..........

3 ..........

4 ..........

5 ..........

Ek sluit R .......... in. NOTA: Slegs tjeks en posorders wat uitgemaak is aan SHIFTY RECORDS sal aanvaar word.

# Jou klok stop wanneer jy die land verlaat

**Pieter-Dirk Uys gesels met CHARLES LEONARD oor uitgewekenes, sy toneelstuk Just Like Home, en sy toekomsplanne**

"JOU klok stop op daardie oomblik wanneer jy die land verlaat," sê dramaturg Pieter-Dirk Uys oor mense wat die land verlaat. Hulle word aan die gang gehou deur die drome wat hulle van Suid-Afrika bly koester. "Donald Woods dink nog steeds ons bly in 1976.".

Dit is die tema van Just Like Home, wat die afgelope week by die Laager in die Markteater in Johannesburg geopen het.

Die stuk gaan oor uitgewekenes in Londen. 'n Wit gesin en hul bruin bediende, Cathy, emigreer in 1977 na Londen. Toe die wit familie weer terugkom Kaap toe bly Cathy agter omdat sy daar vry is.

Na twaalf jaar wou sy tog teruggaan huis toe. En dan kom haar jong neef uit Athlone in die Kaap daar aan om by sy "auntie" te bly. Hy moes om politieke redes uit Suid-Afrika vir die polisie vlug. Dit het hom 'n jaar geneem om in Londen aan te kom om by die ANC aan te sluit. En daar vind hy uit sy "auntie" is op pad terug Kaap toe.

## Saam huil

Dié storie sit al jare lank by Uys. Sy pa het in die sestigerjare in Londen by 'n Indiese restaurant kerrie geëet wat "nes Kaapse kerrie proe". Dadelik gaan hy kombuis toe en ontmoet toe daar 'n "groot blinkbruin" vrou wat van die Kaap af kom. Haar woorde was: "Ek wil huis toe gaan", en daar huil die twee toe saam. Sy is nou terug in die Kaap.

"En dit was vir my die 'amazingste' storie, die twee Kapenaars wat so saam in 'n vreemde kombuis huil."

Hy het die afgelope jaar letterlik duisende uitgewekenes by sy vertonings oorsee ontmoet. En hulle sit almal met verskriklike heimwee.

"Nie net na die mooi berge nie, maar na die passie en die pyn."

"In Engeland en Amerika gaan die politiek oor 'pooper scoopers', mag jou hond op die sypaadjie akkie of nie. Hier gaan dit oor lewe of dood."

Dit is oor mense soos hierdie waaroor Just Like Home gaan.

Uys se ander stuk, Scorched Earth, wat Just Like Home gaan opvolg, gaan ook oor "home". Dit speel af op 'n Natalse plaas waar die eienaars weens tuislandkonsolidasie moet padgee. Dit gaan oor wortels: "Ek glo die land is vasgevang deur die ou waardes."

Hierdie stuk gaan ook oor korrupsie. Die een karakter is 'n politikus en hy is "tot in sy hoenderpastei vasgevleg in korrupsie". Hy het egter baie selfvertroue met die noodtoestand wat hom beskerm.

Uys sien Scorched Earth, wat in 1981 al geskryf is, as 'n eggo van die Inligtingskandaal wat ontwikkel het tot die situasie vandag waar korrupsie amper 'n statussimbool geword het.

Hy speel self nie in enige van die twee stukke wat hy geskryf het nie. Hy neem die regie waar en dit is belangrik, omdat die stukke na hierdie opvoerings op hul eie voete moet staan.

Uys kan nie in hierdie stadium weer 'n revue, 'n Evita, skryf of speel nie.

"Ek kan nie op die realiteit verbeter nie. Ek kan nie 'n Pietie du Plessis of 'n Jani en Eugene, of die miljoene rand wat by die nasionale toilet afgespoel word, uit my duim suig nie."

## Standaard goed

Die standaard van teater in Suid-Afrika vergelyk goed met wat in die res van die wêreld aangaan.

Hy glo egter nie aan iets soos Afrikaanse teater nie, maar wel aan Suid-Afrikaanse teater. Wat nou hiermee saamgaan is Afrikanerkultuur.

"Afrikanerkultuur - een woord - is die 'jockstrap' van apartheid," sê Uys.

Hy staan ook die kulturele boikot teen omdat apartheid deur kommunikasie afgebreek word. Met sy wêreld-toer verlede jaar het hy geen probleme ondervind nie. Inteendeel, hy is besonder goed ontvang.

Toekomsplanne?

"Ek is altyd besig met ses of sewe dinge: Twee nuwe toneelstukke vir volgende jaar, 'n draaiboek vir Engeland, 'n stuk vir daarso, 'n nuwe revue, ek gaan terug Holland toe vir twee maande, ek werk aan my eenmanvertoning in Duits vir Duitsland. Ek kan nie sit en wag tot iemand aan my deur klop en sê ons is lus vir iets nie. Dan is ek te laat."



Pieter-Dirk Uys: "Afrikanerkultuur — een woord — is die 'jockstrap' van apartheid", en Shaleen Surtie-Richards, wat die hoofrol vertolk in Just Like Home

# So Where To na Kaapstad

**Waarnatoe-So where to. Met die Sabikwa-spelers. Skrywer/ regisseur: Smal Ndaba. Resensie deur MLUNGISI KAMASE**

NA suksesvolle opvoerings in sowel die Box-teater by Wits as Gaberone gedurende Februarie, vertrek So Where To volgende week na Oos-Londen en Kaapstad.

So Where To handel oor drie verwagtende tiener-meisies. Dit speel af in die kraamafdeling van 'n township-hospitaal.

Omgekeerde rassisme en bevooroordeelheid is een van die hooftemas van So Where To wat belig word deur die reaksies van die township-gemeenskap nadat een van die meisies (Amanda) geboorte gee aan 'n wit kind.

Die baba se geboorte speel af in die openingstoneel. Maar die nuus word eers later gebreek. Terwyl die kind gebad word, begin 'n bespreking tussen die drie meisies oor geboortebeperking. Onortodokse en alternatiewe aborsie-metodes word die fokus van die bespreking. Regisseur Smal Ndaba gebruik die sub-tema goed om spanning te laat oplaai. Beledigings word wedersyds geslinger as skuldgevoelens en frustrasies na vore kom.

Dié spanning bereik breekpunt met die nuus dat Amanda se baba wit is. En wanneer sy die ander vertel dat die pa 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag is, sê een van die meisies (Nomvula): "Jy is 'n skandvlek op ons nasie!"

Amanda vertel dat die weerman, Sebastian, haar lewe op 'n keer gered het gedurende een van die weermag se township-klopjagte en dat hy haar uit die tronk gehaal het nadat sy by die begrafnis van 'n aktivis in hegtenis geneem is. Die ander twee wil egter nie die "daad" regverdig nie.

Selfs Amanda se pa kan sy skok en afkeur nie wegsteek as hy by die hospitaal aankom om sy dogter se kind te sien nie. Een van die verpleegsters bring verligting, wat met haar woorde die ander laat insien dat die baba net 'n mens is - al is hy wit.

Dit is dan ook die morele les: mense is mense, ongeag van hulle velkleur.

Die stuk eindig met 'n loflied vir Ntate Zeph Mothopeng.

## Stephan Bouwer is Die Kyker

# Beatrix Broekhuisen neem afskeid

MY penvriendin, Beatrix Broekhuisen, vertrek vanaand terug Holland (Urk) toe - haar bagasie dubbeld die hoeveelheid as by haar aankoms. Een oggend verlede week het Pompie Nongena, die linkervleuel van die hokkiespan in Soweto, hier aangery gekom in 'n kombi en is hulle weg op 'n inkopie-jol. Beatrix het onder meer, 'n hele rol Duitse sis in swart, goud en groen by 'n boetiek in Marabastad gekoop waaruit sy "Urker-kostuums" gaan maak as sy weer by die huis is.

Die naweek was ewe druk. Een van die here op haar kortlys van TV-persoonlikhede wat as "knullen" kan deurgaan, het "kontak gemaak" en sy het die hele naweek uitgeslaap. Sy wou nogtans, vir oulaas, enkele "impressies" neerpen.

Godverdorie, wat een weekend! Niet veel tijd voor mijn hobby van beeldradio kijken, want de positie ik mij veelal bevond, was niet zittend in een stoel - dat kunt Uw mij maar geloven.


Enfin. Noch enkele impressies Uw tot lering en stichting alvorens ik vanavond terugkeer naar de Lage Landen.

Vorige Donderdagavond, op het zesuur-nieuwsbulletin, verscheen een nieuws-rapporteur, Charl Pauw, in een allergeilst baaibroekje op Uw screens. Hij rapporteerde, zogenaamd, over een stuk mooie kustlijn die bedreigd wordt door nucleaire/militaire/ecologische bezoedeling - weet ik veel - maar hij plaaste met zoveel joie de vivre en vertoon van pectorales in het koele water dat zijn milieu vriendelijk boodschap helemaal te loor ging. Deze kijker, in ieder geval, snapte er niets van. Kijk uit! De tv screen is geen plaats voor wellustwekking, en dan ook nog in een nieuwsbulletin! (De heer Pauw deed niettemin z'n toetreden tot mijn lijste van knullen.)

Het volgend programma, No Jacket Required, gaf de allergekste haarkapselen te zien. Ik kan het Engels niet zo goed volgen en spitste mijn aandacht dus op het beeldmateriaal toe. De jubilaris was een Negerin, ene Tracy Chapman, die blijkbaar een kompetitie voor fantasmagorische haarstijlen won. Dat diende als inspiratie - en tot heel veel hitsigheid. Twee heren, Karl Kikillus en Dave Charles lieten hun haar kappen met een dolle Pompadour op de schedelkruin en smerige sliertjes in de nek. Twee meiden, Mally Kelly en Nataniel (hoe kan een moeder haar dochter "Nataniel" dopen? ik houd m'n hart vas) hadden een voorkeur voor olie en crème die hun donsachtige haartekstuur en skedelvorm beklemtoonden. Tananas en Zayne Adams pronk met van die maffe nichten-staartjes. Over de afschuwelijke kapselen van The Psyco Reptiles swijg ik verder. Ik hoop niet al te veel jonge mensen naar No Jacket Required kijken!

Noem mij maar conservatief: mijn eigen vlasblond haar draag ik, zoals alle meiden op Urk, in netten vlechten. Braaf en higienisch.

Een beetje moderner - maar aardig hoor - is de kapsel van de blonde mevrouw de nu, naar het schijnt, permanent haar intrek heeft genomen in de zaak van "Morkels" - compleet met kinderen en make-up artist. En al dat ameublement! Ik hoop dat



wanneer ik weer naar Zuid-Afrika kom zij sommige stukken aan het publiek kwijt heb kunnen raken opdat de gekweld siel naar huis heb kunnen gaan.

En nu beste mensen, adieu. En houd U Uw screens vrij van wellust! Graag korrespondeer ik met mooie knullen. Ik zit te popelen te Poste Restante, Urk, Holland. Brieven vergezelt van een foto hebben voorkeur.

# Hoffman skitter in Rain Man



Cruise en Hoffman in 'n fliek met min reën

**Rain Man. Met Tom Cruise en Dustin Hoffman. Regie deur Barry Levinson. Begin van dag by Ster Kinekor-bioskope. Resensie deur FELICE ORSINI**

DIE kombinasie van Dustin Hoffman en Tom Cruise as broers in Rain Man is verstommend genoeg om die nuuskierigheidswaarde van die prent te verseker.

Die berekende genialiteit van regisseur Barry Levinson om vir die glibberige Cruise teenoor die veteraan karakter-akteur Hoffman te laat speel, word eers heeltemal duidelik na die afskeidstoneel tussen hul karakters, Raymond en Charlie Babbit.

Cruise speel die rol wat hy in The Color Of Money, Risky Business, Top Gun en Cocktail gespeel het - dié van 'n geldgierige, koelbloedige en ambisieuse kêrel sonder 'n sweempie integriteit.

Ná sy vervreemde pa se dood, hoor hy dat sy erfporsie net 'n motor en 'n klomp roosbome beloop.

Hy stel hom dit ten doel om uit te vind wie in besit is van die uitstaande 3 miljoen dollar.

'n 1949 Buick Roadmaster - net 8 000 van die klassieke motors is vervaardig - is die katalisator vir die reünie tussen Charlie en Raymond. Hoffman speel die rol van 'n outistiese persoon, iemand wat hom onttrek het in 'n wêreld van psigotiese fantasie en isolasie - hy kan byvoorbeeld nie oogkontak maak of 'n gesprek voer nie. Die kleinste steuring in sy roetine of die kleinste geraas dryf hom tot raserny.

Karakteristies ongevoelig besluit Charlie om vir Raymond uit 'n inrigting vir verstandelik vertraagdes te ontvoer en 'n avontuur begin waar die twee vanuit hul emosionele isolasie leer dat die basis van enige verhouding kompromie en vertroue is.

Charlie is as gevolg van sy pa se onvermoë om op 'n gevoelsvlak met hom te kommunikeer ook emosioneel vertraag, maar in sy hebsugtige Amerikaanse omgewing is dit sosiaal aanvaarbaar.

Met sulke gegewe verwag 'n mens 'n tranedal, maar Levinson het duidelik 'n broertjie dood aan soetsappighede en manipulasie. Los die Kleenex maar by die huis. Ek kan 'n prent soos Dominick and Eugene as voorbeeld noem van die verkeerde aanslag.

Diegene wat 'n smaak ontwikkel het vir Levinson se eiesoortige samespanning van komedie en tragedie - in Diner, The Natural, Tin Men en Good Morning, Vietnam - sal elke veerligte oomblik van Rain Man waardeer.

Die prent is 'n besonderse aanklag teen inrigtings vir mense wie se gedrag nie strook met sosiale norme nie, maar nooit raak hy buite voeling met die werklikheid nie . . . en hoe hy dit doen is intellektueel en visueel boeiend.

Intense tonele tussen Cruise en Hoffman, wie se uiteenlopende speelgewoontes die spanning binne elke raam versterk, word afgewissel met kleurryke "reistonele" deur verskeie klein Amerikaanse dorpies en Las Vegas.

Hoffman se vertolking van Raymond is briljant. Hierdie karakter verpersoonlik die prent se boodskap: dat die lewe ironiese poetse bak wat uiteindelik sorg dat regverdigheid seevier.

# Rolprent herroep onderdrukking van Albaniërs

PRISTINA, Joego-Slawië - 'n Rolprent wat die onderdrukking van die Albaniese minderheidsgroep in die Kosovo-provinsie belig, draai voor vol bioskope in die provinsiale hoofstad Pristina.

Dreigende protesoptogte is gehou in die provinsie en in Serbië, wat in beheer staan van Kosovo. Die Serbiese meerderheid in die republiek sê hul volksgenote is besig om deur die Albaniërs uitgedryf te word en wil daarom meer beheer oor die provinsie hê.

Albaniërs in Kosovo, wat 90 persent van die bevolking uitmaak, het in die strate geprotesteer en geëis om hulle outonomiteit te behou. Soortgelyke betogings het in 1981 rasse-spanning in Kosovo veroorsaak en die owerhede moes die betogings verban.

Ondanks die verbanning het die bioskope die enigste manier geword vir die jeug om hulle frustrasie bekend te maak. Daar word nie net aan die einde van die film Mist Guardians, deur die Albaniese regisseur Isa Qosja, hande geklap nie, maar ook gedurende die film.

Mist Guardians herroep 'n era van Joego-Slaafse geskiedenis wat baie lyding onder die Albaniese bevolking veroorsaak het - toe Alexander Rankovic die minister van binnelandse sake was tot en met sy afdanking in 1966.

Die film is simboolryk en nie maklik verstaanbaar vir die gewone man nie, maar een toneel is duidelik en lok altyd spontane toejuiging uit. Die held, 'n skrywer wat deur die geheime polisie agtervolg en gemartel word vir 'n droom wat hy gehad het die dag voor sy arrestasie, is teenwoordig die dag as sy agtervolger hom vasloop. Die held verklaar: "Jy kan ons almal doodmaak, maar geregtigheid sal nooit sterf nie."


Een jeugdige het gesê die film het so gewild geraak omdat dit moed en optimisme wek onder Albaniërs in Kosovo wie se nasionale regte bedreig word deur die beleid van Serbië.

Die antagonisme tussen die Albaniese en Serbiese groepe het gelei tot kritiek op Qosja se rolprent.

'n Vroeëre werk van hom het 'n toekenning ontvang op die 1986 Cannes-filmfees en Mist Guardians was genomineer vir vyf toekennings na gunstige kritiek by die Pula-fees in Joego-Slawië. Die beoordelaars het egter net een toegeken - vir die beste musiek.

Serbiese filmvervaardigers beskryf die film as 'n versteekte politieke pamflet wat die Joego-Slaafse owerhede beskuldig van tirannie oor die Albaniërs in Kosovo.

Qosja ontken die beskuldigings en sê dit is 'n regstreekse gevolg van die verslegtende verhoudinge tussen die Albaniërs en die Serbe. - AFP


**Ons bied die grootste en mees eksklusiewe reeks handewerk en tuisgemaakte meubels, handgeblaaste glas en mandjies van dwarsoor die Derde Wêreld.**

**Kim Sacks-Galery**
**Hk Cavendish- & Frances-straat**
**Bellevue, Johannesburg**
**Telefoon 648 6107/9204**

**Galery-ure:**
**Maandag, Dinsdag, Donderdag - 10.30 vm tot 8.30 nm**
**Woensdag, Vrydag - 10.30 vm tot 5.30 nm**
**Saterdae - 9.00 vm tot 1.00 nm**


# Almodóvar vóór in Spaanse kulturele bevrydingstryd

***Die Spaanse regisseur Perdro Almodóvar se Women on the Verge of a Nervous Breakdown het wêreldwyd ongelooflike opslae gemaak en is ook nou vir 'n Oscar benoem. Maar die interessante aspek van sy werk, beskou uit 'n Suid-Afrikaanse perspektief, is dat hy wys wat gedoen kan word sonder die vlak van kulturele onderdrukking wat ons land steeds teister. PAT SCHOEMAN belig dié punt.***

PEDRO ALMODOVAR, die regisseur van Women On The Verge Of A Nervous Breakdown, is een van die voorlopers van post-Franco Spanje se kulturele bevrydingsveldtog.

Ná jare se kulturele onderdrukking onder die Franco-bewind is 'n groot deel van die Spaanse "artistieke klas" nou op die punt om hulself oor te gee aan kulturele hedonisme. En Almodóvar is een van die wat hulle nuwe vryheid tot die uiterste beproef.

Sy beheptheid met seksuele dinamiek en sy gedetermineerdheid om die bourgeoisie te skok, het hom uiteindelik die Felix-toekenning (Europa se Oscar) besorg. Nou is hy vir 'n Oscar benoem vir beste buitelandse rolprent vir Women on the Verge en Hollywood roep (wat natuurlik die einde sal beteken van sy vars kombinasie tussen humor en swartgalligheid).

Almodóvar is 'n plaasseun wat op 17-jarige ouderdom na die groot stad (Madrid) is om sy fortuin te gaan soek. Nadat hy voorsanger was vir 'n rockorkes en die teks van 'n pornografiese fotonovelle geskryf het, het hy vir 'n dekade by die staat se telefoondiens gewerk. Dit is gedurende dié tyd wat hy sy eerste twee draaiboeke geskryf het. Sukses het redelik gou gekom, maar sy weersin in diktatoriale gesag het bly vasteek.

In een van sy vroeëre rolprente Dark Habits, betaal hy die skynheiligheid van godsdienstige onderwys (in besonder die Rooms Katolieke opvoedingstelsel waarvan hy deel was) dubbel terug. Nonne het name soos Sister Sewer Rat, Sister Snake ens. Die klooster word 'n satiriese verpersoonliking van die Franco-nagmerrie.

Soos hy self sê: "The system is full of hypocracy - who can learn anything while you are being terrorized?" Klink dit bekend?



Carmen Maura in Woman On The Verge Of A Nervous Breakdown

Sy gunstelingtema van wellus en die dood (in die tradisie van Fassbinder, Cocteau) word visueel uitgebeeld in prente wat terselfdertyd nostalgies (die pre-vigsera) en uiters kontemporêr en "off-beat" voorkom. Verskillende genres oor die afgelope 50 jaar word sommer in een fliek saamgeflans.

In sy eie woorde is sy prente 'n meditasie op die vyf essensiële temas: die dood, bevryding, gelykheid, prag, en natuurlik die liefde.

Met Women on the Verge kan vroue, ofte wel die vroulike emosionele psige, bygevoeg word.

"Vroue," verduidelik die 37-jarige regisseur wat al beskryf is as 'n seksis met die kop van 'n chauvinis en die hart van 'n feminis, "is die enigste mense wat eintlik weet hoe om te reageer as hulle hoog en droog gelaat word. Hulle ken nie skaamte nie, of wat dit beteken om 'n gek van hulself te maak nie. Hulle reaksies beslaan die volle spektrum van emosionele moontlikhede.

"'n Vrou weet dat sy liefde nodig het om aan te hou lewe en sy is bereid om enigiets te doen om dit te verdedig. In dié ewige oorlog is alle wapens geregverdig..."

# Clichés vasgevang in 'n geslote baan

**Geslote Baan deur Joan Hambidge. Tafelberg, R19.95 + AVB. Resensie deur WILHELM LIEBENBERG**

TS ELIOT het in jambiese pentameter gedig en dit verbloem deur dit te herrangskik tot vrye vers. Joan Hambidge skryf prosa wat sy in reëls opbreek.

Oor die algemeen vloei haar "geslote baan" met die wisselstrome van die tweeheffingsvers. 'n Mens herken die onderliggende ritme van die bont en die blou en die veld en die lug en die vaalvalk wat sing soos hy draai, soos hy draai:

Europa verklap nie
nie meer sy geheime;
die Dom in Utrecht
word gerestoureer;
Kobenhavn vibreer
in digte mis.

By tye kry sy dit reg om op hierdie eenvoudige stramien te varieer of die woorde so te plaas dat die aksente net reg val:

In die voormalige
stationsgebouw
in Utrecht, Nederland,
by 'n tafel (gereserveerd
voor niet rokers) wag ek
toenemend ongeduldig...

Die reëlverdeling is egter nie oral so dramaties of knus ingepas in die sintaksis nie en op die lange duur dreig dit om die eentonigheid van Jan F Celliers se vlakte te ewenaar.

Dit gee onteenseglik aan Hambidge se bundel 'n gevoel van eenheid wat dan ook weerspieël word in die inhoud van die verse. Die motief van die "geslote baan" word naamlik op verskillende wyses herhaal sodat dit op die duur 'n uitgebreide metafoor word vir alles: die poësie, die liefde, die lewe.



Joan Hambidge

Een van die geslote bane in die bundel is 'n reis deur Noord-Europa - wat voltooi moet word soos 'n sonnet. 'n Reis wat self metafoor word vir die liefde en (soos 'n sirkel) voltrek word as sy met visums vir die hart aanland in die koel hawe tussen die geliefde se bene en tussen die heuwels om haar hart.

Die liefde is dan 'n tweede geslote baan wat onderbreek word deur die digteres se "afspraak met die poësie". "Die geslote baan/ van my lewe deurbreek/ jy", skryf sy as die geliefde háár uiteindelik verlaat en terugkeer na die geslote kring van haar huweliksverpligtinge.

En dan is die poësie natuurlik self 'n geslote baan, 'n "klein kringloop" waarin die moordenaar terugkeer na die misdaadtoneel. Dit is ook 'n "geëlektrifiseerde draad" (stroombaan) wat gekortsluit moet word om iets te laat ontvonk.

In hierdie uitgebreide "afspraak met poësie", hierdie selfbewuste reis agter poësie aan waarin die digteres heelwat treine haal en konneksies maak, waarin die geslote bane soos die konsentriese sirkels op die omslag netjies in mekaar pas en nie anders kan as om van die bundel die spreekwoordelike "heg gekonstrueerde eenheidsbundel" te maak nie, is daar egter min wat werklik vonk.

Miskien is dit omdat die bundel te goed deurgekonstrueer is, dat daar te veel sirkels en te veel herhalings is, want wat sy op die ou end vasvang in haar geslote bane is 'n spul clichés.

Sy leef met die "oog op die ewigheid - gedagvaar deur die dood"; sy reis deur haar "hart se landskap sonder kaart"; daar is "lig na 'n tonnel" en "meer word bereis as 'n land en sy mense - 'n innerlike landskap" skryf sy; "uit drolle skiet ons sterre" en aan die einde word die sirkel "voltrek" as sy aanland in 'n "koel hawe"; 'n orgasme word beskryf as 'n vulkaniese uitbarsting; en daar's glad 'n "belle dame sans merci".

### Slim gespeel

Dat daar slim met die clichés gespeel word, is wel waar. Dat hulle doelbewus, tong-in-die-kies as clichés aangebied word, is ook 'n moontlikheid om in gedagte te hou. In die wyse waarop Hambidge se reis tot die slotsom kom van "Alleen in mijn gedichten kan ik woonen", in die wyse waarop die lewe fiksie naboots, asook in die wyse waarop sy só selfbewus dig oor haar digterskap in byna die helfte van die gedigte, kan 'n mens immers nie anders as om 'n postmodernistiese kode te herken nie.

Hierdie netjies gekonstrueerde geslote bane van Hambidge herinner egter ook aan iets wat iemand op 'n keer oor Andy Warhol gesê het: "He worked hardest at what was easiest." Op die duur word dit nes die metrum 'n bietjie voorspelbaar en gemaak. Hierdie vermenging van pop en pretensie, van kitsch en selfbewustheid, bly op die ou end maar 'n bietjie yl.

Dit, dan, is die "estetiese" poësie wat Hambidge teenoor "anti-hegemoniese" poësie stel in 'n onlangse artikel in Insig (Februarie 1989). Daarin pleit sy dat "elitistiese" literatuur "steeds sy regmatige plek gegun (moet) word" naas "anti-hegemoniese" werk. Want as elkeen netjies in sy eie kanton bly (jy in jou klein hoekie en ek in myn), dan sal almal gelukkig wees en die Afrikaanse letterkunde nie as 'n "benoude bestel" beskryf kan word nie. So word hegemonie immers bewaar.

In hierdie Dooieweerdiaanse geslote baantjies waarin sy dig, gaan dit bloot om 'n liefde wat gekroon word met 'n "dirty weekend" en 'n afspraak met die poësie.

**Prontuit deur Gerrit Olivier**

# Debatte eerder as paranoïese reaksie

DEBATTE tussen akademici wat hulle met Afrikaans ophou, is 'n deprimerende doenigheid. Eintlik betoon 'n mens aan hierdie hoogdrawende seksie van die bevolking te veel eer as jy hulle van 'n "debat" of selfs "polemiek" verdink. "Herrie", "bohaai" en "rusie" sou meer vanpas wees.

In die afgelope paar jaar het 'n droewige patroon sigbaar begin word. Sodra een van die jongeres 'n uitspraak maak wat 'n bietjie in slegte aarde val, kom die ou strydosse - van wie party in werklikheid nog bloedjonk is - aangehardloop met dik stokke in die hand.

### Raad

Een van die stokke word genoem "onbevoegdheid". 'n Tweede staan bekend as "versweë politieke agenda". Dan is daar ook nog "poging tot verdagmaking" of "persoonlike aanval". Ek sou verder "neo-Marxis" en "mislukte skrywer" kon noem, maar ek wil u nie so kort voor die naweek neerslagtig stem nie.

Op die inhoud van die sondaar se betoog word daar byna nooit ingegaan nie. Aan enigiemand wat sy mond te groot in hierdie eerbiedwaardige geselskap wil oopmaak, gee ek die raad om by voorbaat te verklaar dat hy 'n satanis, 'n seksuele pervert, 'n dieremishandelaar en 'n politieke opstoker is, sodat die brigade van dunvelliges hulle energie nie op onnodige swartsmeerdery hoef te verspil nie.

Akademici is dikwels primitiewe persoonlikhede met hoogs ontwikkelde teoretiese intelligensie maar met 'n erbarmlike selfbeeld. En binne die Afrikaanse wêreld met sy patriargale gesagstrukture word daar slegs by uitsondering 'n onderskeid getref tussen persoonlike waardigheid en openbare posisie. Val iemand se standpunt aan en jy kan jou gereedmaak om met 'n histeriese persoonlike tirade terugbetaal te word.

Oor die kleinserige reaksies trek ek maar verder die sluier. Ek wil graag iets meer sê oor 'n ander tipiese respons: die beskuldiging dat die teenparty politiek by die letterkunde of taalkunde "insleep", of die literatuur vir politieke doeleindes wil "misbruik" of "manipuleer".

Meer as enigiets anders is dit die rede waarom debatte oor die vakgebied versand in 'n steriele uitwisseling van beskuldigings.

Die veronderstelling agter die verwyt van politieke manipulasie is dat ons met 'n vak besig is. 'n Wetenskap.

### Krukkie

En in 'n land waar bloedweinig mense 'n elementêre leeslysie in die wetenskapsteorie deurgewerk het, beteken dit gewoonlik: ons staan bó die politieke geroesemoes, ons is onpartydig, ons is objektief. Moenie met ons sukkel nie.

Kenners van die letterkunde het hierbenewens ook 'n ander armoedige krukkie om op te leun, en dit is dat daar 'n literêre domein is wat onaantasbaar bo die slordigheid en twis van die politieke verrys. Kyk maar na die pedantiese uitbarstings oor literêre pryse.

En dit in 1989, na meer as 40 jaar onder 'n onnosele apartheidsregime en 'n paar jaar onder die bisarre omstandighede van 'n amptelike Noodtoestand. Laat dit duidelik gesê word aan die indoenas met die togas waarop geborduur staan: Wetenskap, Objektiwiteit, Onpartydigheid en Kruidjie-roer-my-nie:

'n Akademikus of dosent wat vandag nog die bewering staande wil hou dat sy vakgebied nie 'n gepolitiseerde terrein is nie, wat ons wil wysmaak dat pogings om dit te illustreer op moedswilligheid of opswepery berus, se matrieksertifikaat behoort weggeneem te word. Hy verdien nie sy posisie en sy salaris nie.

In plaas van die paranoïese reaksies sou 'n mens wil sien dat daar 'n debat ontstaan wat berus op die erkenning dat nie een van ons in die yl lug van wetenskaplike objektiwiteit en waardevryheid leef nie. Want daar is baie om oor te praat. Ek noem slegs 'n paar van die mees voor-die-hand-liggende dinge.

Die vraag na die intieme verbintenis tussen die Afrikaanse letterkunde as instelling en die Afrikaner-nasionalisme moet nog behoorlik ondersoek word.

Die vraag na hoe Afrikaans gedoseer word: aan universiteite, technikons en skole, wag op ons.


'n Ondersoek na die voorskryfmark is nodig: wie sit op die komitees, wat is die kriteria waarvolgens boeke gekies word, wie skryf die boeke en gee hulle uit - en hoeveel geld word daaruit gemaak, veral in die swart skole?

### Slagoffers?

Hoe het dit gebeur dat Afrikaans lyk soos hy vandag lyk? Wie was verantwoordelik vir die normering van Afrikaans, en op grond van watter oorwegings is die kriteria bepaal?

Vir so 'n gesprek is dit nodig dat elkeen ook die hand in eie boesem steek en nie terugkap met oppervlakkige persoonlike venyn nie.

Die feit is: ons ken onsself nie, want ons het ons geskiedenis en ons huidige praktyk nog nie ondersoek om uit te vind in watter mate ons self die slagoffers en handlangers geword het nie.



**BJ Lankwarden skryf oor nóg 'n uitstekende wyn wat nie 'n superieur-toekenning ontvang het nie**

# Uitstekende nuwe Chardonnay

HIERDIE week het Fleur du Cap sy eerste Chardonnay vrygestel.

Dit is 'n 1988-Chardonnay en die instituut wat alle wyn sertifiseer was weereens getrou aan sy aard deur dit nie 'n goue buskaartjie - 'n superieur-toekenning - te gee nie.

Dit is baie onnosel omdat dit net die mense verwar wat hulle voorgee om te help. Hulle kan dink dat 'n goeie chardonnay anders moet smaak omdat die wyn nie superieur geklassifiseer is nie.

Dit is geensins so nie. Dit is 'n baie goeie wyn en versamelaars landwyd sal sonder twyfel moeite doen om 'n kis of 'n paar bottels van die 1500 kiste wat vanjaar vrygestel is, in die hande te kry.

Jy sal lank soek na die tradisionele Fleur de Cap-etiket omdat die bottel 'n splinternuwe pak klere aan het. Die bottel het 'n luukse voorkoms met sy nuwe etiket en nek-etiket, en 'n kapsule bo-op. Die voorkoms is aantreklik en die wyn volg die oorspronklike indruk.

Die wyn is bleekgeel met 'n sweempie groen, en lyk baie skoon en helder.

Dit het 'n baie goeie geur. Mens ruik aanvanklik 'n bietjie alkohol, maar dit is te verwagte aangesien die alkoholpersentasie 12,98 is.

Daarna kry mens 'n baie interessante geur, met die teenwoordigheid van hout sonder dat dit oorweldigend is, en 'n komplekse versameling klassieke aromas wat 'n opwindende wyn belowe.

Dit is presies wat gebeur. Die aanvanklike smaak verras jou aangenaam. Daar is net 'n sweempie hout in die smaak en 'n spoortjie botterkaramel, terwyl die goeie suurgehalte 'n indruk van suurlemoen gee, wat jou ook vertel dat hierdie wyn gerieflik 'n klompie jaar gehou kan word.

## Indrukwekkend

Hierdie wyn is onmiddellik indrukwekkend, ondanks bedenkinge wat mens koester oor massa-geproduseerde wyne van groot maatskappye.

Maar dan neem mens nie die volgehoue soeke na gehalte en volmaaktheid rondom Dr Julius Laszlo, die hoof-keldermeester van die Bergkelder, in ag nie.

Laszlo is nie soveel in die kalklig soos sommige ander wynmakers in Wes-Kaapland nie, maar hy kry resultate wanneer hy dit wil hê en dit is baie belangrkik.

Dink net aan die Stellenryck Chardonnay wat nog vrygestel moet word!

Die interessante punt oor hierdie wyn is dat die meeste druiwe van onbesproeide wingerde in die Durbanville-distrik kom.

Die wingerde, 8-10 jaar oud, is van die oudste chardonnay-wingerde in die Kaap. Opbrengs word doelbewus laag gehou - vyf ton per hektaar is die Bergkelder se mikpunt. Hulle betaal die wynboer drie tot vier keer die gewone prys van druiwe om die opbrengs laag te hou.

Die wyn het in klein Franse eikevate gefermenteer waarvan 50 persent nuut en 50 persent 'n jaar oud is. Die wyn het vier maande in die vate gelê om dit daardie pragtige vanielje-ruggraat te gee.

Opsommend: 'n lieflike wyn. Maar ander wyne in die Fleur du Cap-reeks verdien ook aandag, veral die Blanc Fumé wat vinnig besig is om 'n gunsteling in baie restaurante te word. Dit kan sterk aanbeveel word.

# Bonthuys se vertrek laat 'n groot leemte

ETIENNE BONTHUYS, moontlik die beste sjef wat Suid-Afrika ooit opgelewer het, het hom onlangs in België gevestig. Vir die Suid-Afrikaanse restaurantbedryf is dit 'n slag.

Etienne het in sy jong dae ses jaar lank in 'n goeie restaurant in België gewerk, waar hy tot nommer twee in die kombuis gevorder het. Hy sê die eerste agtien maande was hel - in dié tyd het hy 'n maagseer ontwikkel.

Wanneer die hoofsjef jou nie ken en vertrou nie, kry jy geen verantwoordelikhede nie. *Uiteindelik het Etienne homself* bewys en toe vinnig gevorder.

Sy eerste restaurant, Rozenfontein, het hy in die Paarl oopgemaak. Daarna het hy Buitenverwachting in Klein-Constantia begin. Dit was 'n baie luukse restaurant, met 'n wonderlik-ingerigte kombuis, en hier het Etienne geblom en bekend geraak.

Die restaurant het egter onder vreemde omstandighede afgebrand, en Etienne en sy vrou Marie-Paul is 'n gevoelige finansiële slag toegedien.

Maar 'n goeie sjef hou jy nie lank onder nie. Uiteindelik het hy Floris Smit Huis in die middestad van Kaapstad oopgemaak. Dit is 'n pragtige, ietwat ongewone restaurant, wat intussen deur Colin Steyn oorgeneem is.

Etienne het die stempel van 'n groot sjef: dag na dag het hy die hoë gehalte van sy kos gehandhaaf. Elke redelike sjef kan soms wonderlike maaltye voorsit, maar die gehalte van sy kos wissel.

Ek het nooit 'n maaltyd in Etienne se restaurant geëet wat nie uitstekend was nie.

Ek het een keer die voorreg gehad om 'n volle dag in sy kombuis deur te bring. Dit was 'n openbaring. Daar is nooit hard in die kombuis gepraat nie.

Etienne het die voorbeeld gevolg van oubaas Escoffier, wat die haglike omstandighede en die gevloek en geskel in die kombuise van Europa, probeer verbeter het. Wanneer Escoffier iemand wou berispe, het hy hom buitentoe geneem. Daar is skaars in sy kombuis gepraat.

En omdat alles in Bonthuys se kombuis tot in die fynste besonderhede beplan is, het alles seepglad verloop. Omdat alles seepglad verloop, hoef niemand paniekerig te raak nie ...


Ek het nog altyd gedink koskook is meer van 'n wetenskap as 'n kuns, en die manier waarop Etienne se kombuis en restaurant werk, het dit vir my bewys. 'n Glad-geoliede masjien ...

Wat my getref het, was die menslike wyse waarop hy en sy vrou hul werkers behandel. Daarom was hul werkers so lojaal teenoor hulle.

Hulle is baie beter as ander restaurantwerkers betaal. Dit is een van die redes waarom Etienne na al die jare nog nie 'n vermoënde man is nie, en gesukkel het om geld bymekaar te kry om terug te gaan België toe. (Marie-Paul is 'n Belg.)

Etienne het die storie vertel van twee blink mannetjies met goue kettings om die nek wat 'n hotel êrens in Oos-Transvaal besit. Hulle het een aand laat in sy kombuis vir hom kom dag sê.

Etienne het met 'n glas sjampanje in die hand gestaan. Hulle het oor die lone van hul werkers gepraat, en toe Etienne hoor hoe skokkend min dié twee hul werkers betaal, het hy die sjampanje in een se gesig geskiet en vir hulle gesê om hul voete nooit weer in sy restaurant te sit nie.



'n Goeie klassieke opleiding, 'n fyn aanvoeling vir kos, ordentlikheid en menslikheid. Dit alles het Etienne Bonthuys, en dit maak van hom 'n wonderlike sjef.

Hier en daar kan 'n mens sy kos wel kritiseer (soos jy enige goeie sjef kan kritiseer), maar hy laat 'n ontsaglike leemte in hierdie land in 'n tyd wanneer 'n deel van die Suid-Afrikaanse uit-eters besig is om gesofistikeerd te raak.

Ons sal hom mis. Ons verlies is België se wins.

KOOS COETZEE

HARRIDANS RESTAURANT

by die Mark-Teater

GEKIES AS EEN VAN DIE TOP TIEN-RESTAURANTE AAN DIE RAND

Ons is oop
Dinsdag tot Vrydag vir middag- en aandete
Saterdae slegs aandete

Mark-Teater
Breëstraat, Newtown

Telefoon 838-6960

Est 1987
Yard of Ale

*By die Mark-Teater*

**Kom kuier by ons vir huiskos, goeie wyn en lekker mense**

- **Die ideale plek vir u funksies**

**Bespreek vandag : 836-6611/2**

## Bosy, die gourmet-brak

EK het voorheen twee storietjies oor varke geskryf. Vandag wil ek 'n storie oor 'n hond vertel.

Dit kom uit die wonderlike, klassieke boek La Bonne Table van Ludwig Bemelmans, die kunstenaar en gourmet.

Bemelmans skryf dat Parys in sy tyd 'n baie gawe plek vir honde was. Wanneer jy in 'n restaurant gaan eet het, kon jy altyd jou hond saamneem.

Hy en sy hond Bosy het eendag by 'n restaurantjie gaan eet. Toe die kelner by die tafel kom het hy Bemelmans se bestelling geneem, en toe gevra: "En u seun, wat wil hy eet?" (In Parys word honde "seuns" genoem.)

Bemelmans het vir 'n bietjie vleis en 'n bietjie groente in 'n bietjie sop gevra.

Die maaltyd is bedien, en die kelner het heelwat aandag aan Bosy gegee. 'n Silwerskottel met kos is op 'n servet op die vloer geplaas, en nadat Bosy weggelê en alles opgeët het, het die kelner sy bek met die servet afgevee.

Bemelmans het sy koffie gedrink, 'n sigaar opgesteek en vir die rekening gevra. Hy het geskrik. "Ek is jammer, maar ek het die verkeerde rekening."

"Nee, nee monsieur, dit is u rekening," het die kelner gesê.

"Maar wie het die biefstuk teen 200 frank bestel, die boontjies teen 'n 100 en die consommé teen 80 frank? Boonop vra u vir twee sitplekke," het Bemelmans gevra.

"O monsieur, die tweede - dit is vir u hond."

Bemelmans moes maar opdok.

KOOS COETZEE

